# WILDLAND

FIRST FOR THE HUNTER | EERSTE VIR DIE JAGTER



WILDLAND PRODUK VAN DIE MAAND

***Lanterne Lumens CL23***

**Alicia se eerste bok, nee twee bokke**

**BYRNA HD**
**The non-lethal device for personal safety**

**Jagstorie:**
- Koedoe Kaskenades
- Outop se verjaarsdag-jag

**Hoe bring mens ‘vrede’ en skiet bymekaar? - met ‘n Ghong**

**Bobbejaanjag met ‘n stokboog**

## Bergara B-14
**Ingenieursprestasie soos min**



For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903



BESKIKBAAR BY ALLE WILDMAN TAKKE
www.wildmanhuntingandoutdoor.com
WILDMAN HUNTING & OUTDOOR

# Indeks / Index

## RUBRIEKE / COLUMNS


Uit die heup uit / From the hip 6
Wat Waar en Wanneer 34
Alicia se 1ste bok, nee twee bokke, met twee puik skote 84


## ARTIKELS / ARTICLES


Bergara B14 Ingenieursprestasie soos min 08
Whylo Distributors - The new importer for Kahles products 24
Paul Kruger was certainly not an orinary hunter! 60
Hoe bring mens vrede en skiet bymekaar? Met 'n Ghong 62
Bobbejaanjag met 'n stokboog 66


## PROMOSIE / PROMOTION


Lanterne Lumens 28
The Byrna HD- Personal security device 70


## KOMPETISIES / COMPETITIONS



Kyk wat het ek gejag 46
Kykwat het ek gejag juniors 48


## JAGSTORIES / HUNTING STORIES


Koedoe Kaskenades 36
Outop se verjaarsdag-jag 52


Sien ons blad op Facebook

www.facebook.com/wildlandmag



Die Bergara B14 is 'n bewys dat Spanjé nie net stylvolle brué, moderne sneltreine en uitstekende paaie kan bou nie, maar ook netjiese en doelgerigte jaggewere. WILDLAND het die Bergara B14 met 'n Sightmark-teleskoop op die jagplaas Indawo gaan toets.



Elke keer as die krag afgaan dink ek aan die woorde uit Simon & Garfunkel se alombekende lied "Hello Darkness My Old Friend..." Om jou 'donkerte' weg te vat is Fenixlight se CL23 lantern net die regte ding.



Om 'n koedoebul te skiet is verseker op elke jagter se wenslysie, boonop kan dit 'n baie uitdaagende jag wees. André van Dyk vertel van sy koedoe 'kaskenades' van die afgelope 40 jaar.



The BYRNA HD is a gas-powered compact less-lethal personal security device that shoots a .68cal kinetic or chemical projectile filled with a mix of pepper, pava or cs irritant powder. The patented mechanical piercing mechanism allows the gas cylinder to sit underneath the barrel. When the trigger is pulled, the mechanism simultaneously peirces the cylinder and shoots the first projectile.


**Algemene navrae / General enquiries**
info@wildlandmag.co.za

**Posadres / Postal address**
Posbus 30541,
Wonderboompoort, 0033

**REDAKSIE / EDITORIAL STAFF**

**Redakteur / Editor**
André van Dyk
andre@wildlandmag.co.za
C: 082 455 8707

**Assistent-redakteur en video's / Assistant editor and videos**
André van Dyk Jr.
andrejnr@wildlandmag.co.za
C: 082 787 8948

**Uitlegkunstenaar / Layout artist / Admin, webblad en Facebook**
Danie van Dyk C: 073 576 1179
danie@wildlandmag.co.za



© Kopiereg Wildland. Alle inhoud in hierdie publikasie word deur kopiereg beskerm. Alle regte voorbehou.
© Copyright Wildland. All content in this publication is copyright protected. All rights reserved. The editor reserves the right to change or shorten articles and letters. The editor, publisher and editorial staff accept no responsibility for the content of articles as well as the content of advertisements.



**Algemene navrae / General Enquiries**
Rika van Dyk / info@wildlandmag.co.za
C: 079 892 0023 F: 086 208 0652

**Bydraers / Contributors**
Jan de Man
Pierre van der Walt,
Rean Steenkamp
Dawid Nel

**Drukker / Printer**
CTP Cape Town

**Versprei deur: / Distributed by:**
Jacques Nothnagel
T: 021 503 7136
jacquesnothnagel@media24.com

ON THE DOT

**Intekenare / Subscribers**
info@wildlandmag.co.za
C: 079 892 0023

**Member of / Lid van:**
abc







# Uit die heup uit

## Nuwe 'dryfmiddel' – nie net vir herlaaiers maar vir die hele bedryf.

Die aankondiging dat daar binnekort 'n nuwe dryfmiddel beskikbaar sal wees, is wyd verwelkom in die bedryf. Die feit dat 'Riflex' 'n Suid-Afrikaanse produk is, is ook baie goeie nuus want nou kan dryfmiddels dalk in die toekoms meer geredelik en goedkoper beskikbaar wees. Die afgelope paar jaar was ons afhanklik van duur ingevoerde dryfmiddels omdat Somchem bitter min dryfmiddel vir ons mark geproduseer het. Ons weet almal dat Somchem produkte uitstekend gewerk het in die verlede en dat dit sekerlik een van die gewildste dryfmiddels onder herlaaiers was. Met die bekendstelling van Riflex sal Suid-Afrikaners, afgesien van die ingevoerde produkte, vir die eerste keer in die geskiedenis 'n keuse tussen twee Suid-Afrikaans-vervaardigde dryfmiddels hê. Ons sal in 'n toekomstige uitgawe van WILDLAND 'n volledige toetsverslag oor Riflex publiseer. Riflex word deur National Cartridge na vuurwapenhandelaars versprei.

Daar blyk ook 'n nuwe 'dryfmiddel' in die algehele vuurwapen-mark te wees, want meeste handelaars doen beter besigheid as 'n jaar gelede. Die uitreiking van bevoegdheidsertifikate en vuurwapenlisensies bly traag en die onbevoegdheid van die CFR word op amper 'n daaglikse basis uitgewys. Om hierdie rede ondersteun WILDLAND alle organisasies en privaat persone wat die totale wanorde, wat in sekere gedeeltes van die SAPD heers, bekendmaak en daarmee stelselmatig Minster Cele onder druk te plaas - of hy moet sy eie mense regruk en drastiese veranderinge aanbring, of hy moet maar handdoek ingooi – kom ons hoop dat hyself besef dat hy te 'lig' vir hierdie 'job' is!

Die video wat ons vervaardig het om mense te help om 'n 'foutlose', indien daar wel so iets bestaan, aansoek om 'n vuurwapenlisensie voor te berei is nou op YouTube beskikbaar. Kliek hier vir die Afrikaanse weergawe: en hier vir die Engelse weergawe: Beide videos is lank maar dit verduidelik die aansoek-proses stap-vir-stap.

Volgende maand, net so voor die somer-vakansie seisoen, kondig ons weer 'n groot kompetisie aan wat ondersteun word deur groot invoerders en verskaffers van produkte. Hou die Desember-uitgawe van WILDLAND dop om meer van hierdie kompetisie, wat op 'n eenvoudige manier gaan werk, te wete te kom.

Met die plaaslike verkiesings wat op 1 November plaasvind doen ek beroep op alle vuurwapeneienaars om vir die party te stem wat volgens jou mening die beste na ons, as jagters, sportskuts en vuurwapeneienaars, se belange sal omsien. Terselfdertyd besef ek ook dat munisipaliteite nie eintlik enige sê het as dit by jag-, skiet-, of vuurwapenaangelede kom nie, maar ons kan 'n duidelike boodskap stuur deur die regte mense te verkies.


*André van Dyk by die 58" koedoebul wat hy jare gelede naby Musina geskiet het.*

Noudat die kwik stadig maar seker klim en die jaggewere in die kluis, ge-olie en gebêre is, doen ek beroep op almal om vir ons jagstories te stuur. Maak nie saak of jy oud of jonk is nie. Jou skryfstyl tel ook nie – ons soek net jagstories – elke jagter het tog 'n ervaring om aan sy mede-jagters oor te dra – hier is jou geleentheid.

Tot volgende keer
Reguit skiet
André *en die WILDLAND-span.*














# Bergara B14

## Ingenieursprestasie soos min



### Nuut in Suid-Afrika

Alhoewel Bergara se houermaatskappy al in 1980 gestig is het Bergara eers sowat 7-8 jaar gelede sy verskyning in Suid-Afrika gemaak. Ek het dadelik daarvan gehou, maar ek het gewonder of daar regtig plek vir nog 'n geweerontwerp in ons mark was. Die Engelse sê: 'You can't keep a good man down.' Bergara gewere het hulself oor die laaste halwe dekade werklik internasionaal begin vestig en 'n reputasie vir uitstekende lope en presisie ontwikkel. Duidelik was daar plek vir nog 'n goeie geweer in ons en die internasionale mark.

Die eerste Bergaras wat ons in Suid-Afrika gesien het was die BX11-23. Dit het oor 'n ses-nok slot beskik en die lope was uitruilbaar soos wat die mode deesdae met die Europese is. Die BX11-23 het respek afgedwing en Bergara se naam in Suid-Afrika gevestig. Dit was baie geweer vir die prys daarvan. Terselfdertyd het Bergara op die wêreld se skietbane naam begin maak met die Bergara B14 model.

### Bergara fabriek

Die geweer vervaardiger Bergara was totaal onbekend aan my, totdat ek gedurende 2015 die geleentheid gehad het om die fabriek, wat deur die Dikar–groep besit word, in die dorpie Bergara in Spanje te besoek. Hierdie besoek, my eerste aan Spanje, was vir my werkil 'n 'eye opener' want ek het nooit geweet dat daar sulke mooi paaie, brueë en elegante geboue was nie. Ek het ook altyd gedink die treine in Duisland wat teen 200km/h beweeg was die vinnigste wat bestaan. Tot my groot verbasing het ons in Spanje teen 250km/h voortgesnel. Teen die tyd dat ons in die dorp Bergara aangeland het was ek oortuig dat daar groot interessanthede op ons wag. Ek was reg - die Bergara fabriek laat my nou nog koue rillings kry as ek daaraan dink. Elke masjien, vir watter rede hy ookal gebruik word, voer sy taak, onder toesig van 'n hoogsopgeleide operateur, met spoed en presisie uit. Die hele fabriek is 'n toonbeeld van ongelooflike ingenieursprestasie wat bevestig dat Spanje uiters hoë kwaliteit produkte aan die geweer-wêreld lewer.

### Die B14 word jaggeweer

Bergara het mettertyd die BX11 jaggeweer reeks met 'n reeks jaggewere vervang wat op die bewese Bergara B14 kompetisie-aksie geskoei was. Ek dink dit was 'n sinvolle besluit want om ses-nok en dubbel-nok gewere te produseer kos geld. Standardisering was 'n kostebesnoeiende stap vorentoe want Bergara het nie ontwerp kortpaadjies met die stap probeer neem nie.

**Deur André van Dyk**

# Bergara B14 jaggeweer modelle

Bergara vervaardig die vyf B14 jaggeweer modelle:


- Hunter – Sinteties met klassieke kolfstyl
- Sporter - Sinteties met Monte Carlo
- Ridge - Sinteties met Monte Carlo kolfstyl en swaarder loop
- Timber – Hout met Monte Carlo kolfstyl
- Woodman - Hout met klassieke kolfstyl.

# Bergara B14 Timber spesifikasies

Nicholas Yale, die invoerder van Bergara gewere het 'n .300 Winchester Timber model aan Wildland verskaf om te toets. Die Timber model opsies is in die meegaande tabel opgesom. Let daarop dat die Timber twee magasyn opsies het; 'n vaste magasynkas opsie en 'n verwyderbare magasyn opsie. Die vaste kas hou een patroon meer as die verwyderbare opsie wat in Tabel 1 reflekteer word. Wildland het die vaste magasynkas opsie ontvang om te toets.

**Tabel 1**

| Kaliber Naam | Groeftempo mm | Groeftempo duim | Trompdeurs. mm | Gewig kg | Loop mm | Loop duim | Magasyn kapasiteit |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| .243 Win. | 254 mm | 01:10 | 17 mm | 3.4 kg | 560 mm | 22” | 3 + 1 |
| 6.5 Creed. | 203 mm | 01:08 | 17 mm | 3.4 kg | 560 mm | 22” | 3 + 1 |
| .308 Win. | 305 mm | 01:12 | 17 mm | 3.4 kg | 560 mm | 22” | 3 + 1 |
| 6.5x55 SE. | 220 mm | 1:8.66 | 17mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 3 + 1 |
| .270 Win. | 254 mm | 01:10 | 17 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 3 + 1 |
| 30-06 Spring. | 254 mm | 01:10 | 17 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 3 + 1 |
| 8x57 JS | 254 mm | 01:10 | 17 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 3 + 1 |
| 9.3x62 | 360 mm | 1:14.17 | 19 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 3 + 1 |
| 7mm R.M. | 241 mm | 1:9.5 | 17 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 2 + 1 |
| .300 WinMag | 254 mm | 01:10 | 17 mm | 3.5 kg | 610 mm | 24” | 2 + 1 |
| .375 H&H | 305 mm | 01:12 | 21 mm | 4.0 kg | 610 mm | 24” | 2 + 1 |



# Bergara lope

Hul lope is waarmee Bergara naam gebou het want Bergara lope is werklik topklas al word dit met die knuppelmetode eerder as die meer gewilde sny- of hammersmee metodes vervaardig. Die rede vir Bergara se sukses met die knuppel metode is die ekstra aandag en stappe wat aangewend word. Eerstens word die loop 'billet' nagegaan om te bepaal hoe reguit dit is. Bergara billets moet minder as 0,1mm afwyk voor dit gebruik word. Net soos Sako met hul beroemde lope word die loop billet reguit gemaak en dan eers geboor. Daar is blykbaar nie veel loopvervaardigers wat die stap neem nie.

Nadat die loopgat met 'n 4-as diepboor masjineer geboor is, word die sielwand (bore) diamandpoleer vir 'n gladde afwerking – nog iets wat nie deur alle loopvervaardigers gedoen word nie. Eers as die loop glad en sonder masjineermerke is trek Bergara die knuppel deur die loop om die groewe te skep. Die sielwand toleransie van Bergara lope is 'n indrukwekkende 0,005mm. Hierna word die spanning in die lope verlig deur die lope te verhit en af te koel. 'The proof is in the pudding' soos die Ingilse sê. Dit is een van die redes hoekom Bergara sub-minuut groeperings met kompetisie graad fabrieks-ammunisie waarborg. Die spesifieke Bergara Timber is ook toegerus met 'n looprem wat afgedraai kan word om met 'n knaldemper te vervang.




# Bergara B14 Aksie

Ons het reeds gemeld dat die B14 met dubbele sluitnokke voor aan die grendelskag toegerus is. Dit bly maar ‘n goeie stelsel. Die B14 is van die stootvoer tipe. Die nokke is groot en die voorkant effens konies gesny.

Die romp is gekontoer en geboor om enige Remington M-700 teleskoop saal te gebruik. Dit is ‘n goeie idee want Remington saaltjies is oral geredelik beskikbaar.

Die uittrekker en uitwerper is niks om oor huis toe te skryf nie want dit lyk en werk soos feitlik elke ander stootvoer aksie op die mark. Dis betroubaar en werk en geen verdere kommentaar is nodig nie.

Ek hou meer van die Bergara se romphuls as van meeste ander gewere s’n. Dit is mooi, sluit gas behoorlik af en bied die voordeel van ‘n knoppie wat uitsteek en aandui wanneer die aksie gespan is.

Die veiligheidsknip is ‘n twee-posisie knip in die Remington M-700 posisie regs agter die grendelarm. Dit is deesdae die gewildste posisie vir veiligheidsknippe. Die B14 is in battery (reg om te vuur) as die knip na voor gedruk is. Dit verander stil van posisies en mens sal nie diere met ‘n metaalknal verskrik as jy die knip gebruik nie.

Die Bergara B14 grendelstop sit links agter op die brug in die tradisionele posisie. Dit druk egter in om die grendel vry te laat. Ek is dol oor die indruk tipe grendelstop. Dit is doodeenvoudig honderd keer geriefliker as wat tradisioneel die geval was.



## Bergara B14 Timber Kolf

Die Timber beskik soos reeds vermeld oor 'n okkerneuthoutkolf in Monte Carlo styl. Die kolf het 'n olie afwerking. Alhoewel dit nie besonder treffende lyne het nie, is dit 'n baie funksionele en gerieflike ontwerp. Vorm volg duidelik funksie.

Die gate vir die aksie se skroewe beskik oor epoksie vulling wat voorkom dat die hout saam pers as die skroewe vasgetrek word. Dit voorkom ook dat die aksie in die kolf moet vestig voor dit goed groepeer; iets wat standaard was met ouer geweer ontwerpe. Die handleiding verskaf ook duidelike riglyne oor hoe styf die B14 se aksieskroewe vasgetrek moet word. Dis 'n welkome stukkie inligting.

## Bergara B14 Sneller

Die B14 jaggeweer model se sneller is verstelbaar maar Bergara beveel aan dat daar met niks anders as die snellerdruk gepeuter moet word nie. Die fabriek stel die sneller op 1,49 kg (3.3 lb). Ten einde die snellerdruk te verstel moet die kolf verwyder word en die verstelskroefie voor aan die snellerkassie verstel word. Ek verkies snellers wat verstelbaar is sonder om die kolf te verwyder maar in die era van Amerikaanse litigasie is dit nie 'n ontwerp wat ons seker ooit weer op 'n geweer sal sien nie.




## Sightron teleskope

Alhoewel die teleskoop vervaardiger, Sightron van die VSA, miskien nie so bekend in Suid-Afrika is nie, vervaardig hulle alreeds sedert 1993 optiese toerusting vir die jag- en skietmark. Hulle het van die staanspoor af net een oogmerk gehad en dit was om die beste optiese kwaliteit en meganiese werkverrigting moontlik, aan alle buitelewe entosiaste te verskaf. Omdat die 'optiese-wêreld' teen so 'n geweldige tempo versnel en daar gedurig nuwe produkte sowel as vervaardigers na vore kom, het Sightron gedurende hul 28 jaar in die mark ook hulle stempel afgedruk en met nuwe idees en produkte te vore gekom.

Sightron het tans 'n indrukwekkende reeks teleskope, afgesien van hul ander optiese toerusting, wat elke jagter en sportskut met groot welslae vir sy eie jag- of skietomstandighde suksesvol kan aanwend. Hierdie reeks sluit die volgende in: S111 PLR Series; S111 PLR FFP Series; S111 Competition Series; S111 FT Series; S111 Series; SV111 Series; S111 Series; S-Tac Series; S-Tac FFP Series; SVED Series en S11 Series.

Elkeen van hierdie reeks teleskope het natuurlik hul eie reeks modelle en sommiges is in beide eerste fokale en tweede fokale fokusvlakke beskikbaar. So dit is duidelik dat Sightron nie agtergebly het met produkte om die jag- en sportskietmarkte te bevredig nie. Ek stel voor dat indien verbruikers meer wil weet oor die Sigtron produkte hulle die Sighton webwerf besoek daar is hope inligting www.sightron.com

## Sightron S-TAC 4-20 X 50mm

Ons kry die S-TAC in 4-20X50mm vergroting wat klaar op die Bergara B14 met 'n Piccatini spoor monteer is by Nicholas Yale wat ook die invoerder van Sightron is.

Die S-TAC is 'n doodgewone, tweede fokale fokus, jagteleskoop sonder kruishaar verligting met paralaksverstelling. Hierdie teleskoop maak gebruik van die MOA-2 kruishaar tipe maar dit is ook in MH-5 en MOA-H tipes beskikbaar, beide laasgenoemde kruishare is ook verligbaar.

Van die staanspoor hou ek van die S-TAC 4-20X50mm want wat my persoonlik betref is dit die ideale vergroting vir beide bosveld- en Kalahari  jag vir die gewone spesies. Die eerste telekope wat ooit na Suid-Afrika ingevoer is, was almal toegerus met 4X vergroting. Hierdie vergroting het ek orals gebruik vanaf die mopaniveld tot in die sandveld. Die feit dat mens nou dieselfde teleskoop kry met die addisionele vergroting maak jou jag heelwat makliker – jy kan hom suksesvol aanwend vir verskeie jagomstandighede.

Die gewone vleisjagter het baie selde minder as 4X vergroting nodig terwyl die 20X vergroting hom in staatstel om springbokke op lang afstande te skiet. Elke keer, wat ek met 'n teleskoop wat sulke ideale vergrotings het, te doen kry dink ek terug aan hoe klein die springbokke deur my ou 4X vergroting op 200 meter was – as ek daardie dae in 20x vergroting gehad het sou ek heelwaarskynlik meer springbokbiltong kon geniet!

Verder het die S-TAC 'n 30mm buis met versteltorings wat redelik groot is. Die doppies van die torings moet eers afgedraai word voordat daar verstellings gemaak kan word. Ek hou van hierdie tipe versteltorings vir jagdoeleindes waar die draai-meganisme bedek is, veral vir bosveldjag – mens hoef sekerlik nie gedurig aan jou teleskoop te stel nie. Die S-TAC stel ¼ MOA per kliek en dit beskik oor positiewe en duidelik gemerkte verstellings – mens kan dadelik op jou vinger voel dat dit verstel.

Beide die voor en agterkante van die teleskoop is met afklip-tipe lensbeskermers toegerus. Jy druk doodeenvoudig die beskremers oop om deur die teleskoop te sien en wanneer jy dit bêre druk jy dit toe.

Sightron het 'n interessante hefboom by die vergrotingring aangebring wat op- en afslaan. As jy die zoom wil gebruik swaai jy doodeenvoudig die hefboom oop en maak jou verstelling. Ek vind hierdie metode baie handig want jy kan verstellings met jou een vinger doen. As jy hom klaar gerbuik het vou jy hom terug. Mens het ook die keuse om die verstelring gewoonweg te gebruik sonder om die hefboom oop te swaai.

Ek hou van die 'gewone' gevoel en 'looks' van die S-TAC – geen tierlantyntjies wat mens nie in die jagveld benodig nie. My grootste kretiek oor die S-TAC is - ek sien nêrens die Sightron naam nie, behalwe die woord S-TAC op die paralaksverstelling, ek vind dit vreemd want op die ander Sightron produkte is die naam tog prominent? Dit sal egter geen verskil maak aam die werkverrigting van die teleskoop nie.








**Die tegniese spesifikasies is as volg soos verky vanaf die Sightron webwerf:**

**Magnification4-20x**

| | |
|---|---|
| **Objective Lens Diameter** | **50mm** |
| **Eye Relief** | **3.7 - 3.9 in** |
| **Field of View** | **22.2 - 4.36 yards** |
| **Tube Size** | **30mm** |
| **Click Value** | **¼ MOA** |
| **Parallax Setting** | **10 yards to Infinity** |
| **Focus Type** | **Side Focus** |
| **Reticle Type** | **MOA-2** |
| **Focal Plane** | **Second** |
| **Illumination** | **No** |
| **Finish** | **Matte Black** |
| **Waterproof** | **Yes - IPX 7 rated** |

**Anti-Reflection Tech Exclusive Zact-7 Revcoat® Multi-coating**

| | |
|---|---|
| **Fog Proof** | **Yes** |
| **Length** | **13.3 inches** |
| **Weight** | **24.8 oz** |
| **Sunshade** | **Yes** |

**Instruction Manual (PDF) DOWNLOAD**
**Reticle Instructions (PDF) DOWNLOAD**

Almal in ons bedryf weet dat die optiese mark geweldig kompeteerd is en daarom moet vervaardigers gedurig nuwe produkte met beter optiese kwaliteit en funksies teen bekostigbare pryse aan die verbruikers verskaf. Ek reken dat Sightron dit reeds op 'papier' bewys het, nou moet ons dit nog net op die skietbaan en jagveld bevestig.

# Op die skietbaan

Op die skietbaan van Indawo lodge net buite Ermelo, sit ons die Bergara en die Sightron deur hul passies. Ons ken die Bergara produkte goed want Andre Jnr het self een in 9,3X62mm kaliber – dit is sy hartgeweer en sal hom vir niks verruil nie. Verder vertoon die Bergara en Sightron ook goed en wat die algehele voorkoms betref is daar geen klagtes nie.


Dit word gou duidelik dat die kombinasie goed werk en dat mens redelik maklik 'n behoorlike groepering met hulle kan skiet. Ons skiet op 200 meter 'n groepring van minder as een duim. Wat my betref is dit goed genoeg vir enige jagomstandighede veral as mens die terugskop van die .300 Win Mag in aanmerking neem. Ek moet egter byvoeg dat sy looprem goed werk en baie van die 300 se 'byt' uithaal.

Die aksie werk seepglad en daar word geen 'voer' probleme ondervind nie – al werk ons dit so vining en hard as moontlik, elke patroon word reg gevoer en die doppie word stewig deur die uittrekker vasgevat en uitgetrek.

Ons doen 'n teleskoop verstel-toets met die Sightron en ook hierdie toets word met vliëende vaandels geslaag. Ek weet eintlik nie hoekom ons dit nog werllik doen nie want ek het lankal geleer dat dit wat die moderne optiese-vervaardigers sê hul produkte kan doen, is waar. Verder word alle nuwe produkte, lank voordat dit in Suid-Afrika land, reeds in die lande van oorsprong deur jag-, en sportskiet-tydskrifte intens getoets. So voordat ons dit in die hande kry sou ons geweet het van enige defekte, indien enige.

Ek kyk ook deur die Sightron terwyl ek stadig in en uit zoom die beeld bly die hele tyd besonder helder.














## In die jagveld

Mens kan nie net 'n jaggeweer op die skietbaan toets nie - hy moet ook jagveld toe. Gelukkig is ons op Indawo waar die skietbaan binne die jagkamp gebou is. So as jy klaar jou geweer ingestel het en 'n paar gongs op verskillende afstande laat lui het, is daar 'n verskeidenheid van wildspesies net om die draai. Ons besluit op 'n blesbokram en Frikkie du Plooy Jnr help ons om gou-gou een te kry. Binne 'n halfuur kry ons die regte ram wat op 300 meter plankdwars staan. Toe die Bergara praat kon mens dadelik sien die bok het seer gekry – 30 meter verder dop hy om.

Indawo is die ideale plek vir plaaslike jagters wat net 'n dag tyd het om hul bokke te skiet. Mens kan binne twee en 'n half uur vanaf Pretoria of Johannesburg op Indawo wees en jou ding doen. Vir jagters wat wil oorslaap of dalk net vir 'n naweek in die Hoëveld wil wees, is daar ook uitstekende oorslaapgeriewe beskikbaar.

## Slot

Ons het gedoen wat ons kon met die Bergara en die Sightron en beide produkte kan met die grootste vrymoedigheid aanbeveel word.

Vir meer inligting oor Bergara en Sightron produkte kontak kontak die invoerders, Nicohal Yale op 011 326 4540 of besoek hul webwerf www.nicholasyale.co.za

Om op Indawo te gaan jag kontak vir Frikkie du Plooy Jnr op 083 304 6983

Kliek op die logos om na 'n video oor hierdie produkte te kyk. WL







**B14 TIMBER RIFLE**

**Monte Carlo style walnut stock**
The B-14 Timber rifle features a Monte Carlo style walnut stock with a raised comb and cheek piece.

**Bergara Action**
The Bergara barrel on this rifle for hunting whatever your heart desires is complemented by our super-smooth B-14 Action, which is a two-lug system with a sliding plate extractor and a coned bolt nose and breech to ensure a smooth feeding and extraction of the cartridge. It has been factory drilled and tapped to fit Remington 700 style rings and bases.

The B14 Timber features your choice of an internal box magazine or detachable magazine.

**Bergara Barrel**
The Bergara 4140 CrMo steel barrel is finished in matte blue. All barrels are threaded. Available with or without open sights.

**Availability:**
6.5 Creedmoor
7mm-08 Rem
308 Win
6.5x55 SE
30-06 Spring
8x57 JS
7mm Rem Mag
300 Win Mag
338 Win Mag
375 H&H







NICHOLAS YALE

TEL: +27 11 326 4540 | CELL: +27 82 565 9978
OR VISIT OUR STORE ON 4 CONRAD DRIVE BLAIRGOWRIE

# KAHLES

***Whylo of Durban has just been appointed as the new importer for Kahles, one of the prime optical manufacturers in Europe..***
***Kahles is situated in Vienna and has a wide variety of optical products available for all outdoorsmen, hunters and sport shooters. To learn more about these excellent optical equipment please browse through the list below.***




**KAHLES K 525i DLR**
DYNAMIC LONG RANGE

- 5-25X56 with extra wide field of view
- 100 clicks per rotation - absolute reliability
- Extra large turret lettering for easy and fast reading
- Optional left or right TWIST GUARD windage
- Includes throw lever and paralax spinner.




**KAHLES K 525i**
PROFESSIONAL CHOICE FOR HIGHEST DEMANDS

- 5-25 X 56
- Maximum optical performance – field of view, high contrast image, high definition
- Absolutely reliable repeat accuracy and precise, clearly defined click mechanism
- Optional left or right side windage
- Parallax wheel integrated into the elevation turret (patented) (20 m to ∞)
- Innovative TWIST GUARD windage (patented)
- Precise illuminated reticle in 1 st focal plane




**KAHLES K 318i**
ULTRA SHORT PRECISION TOOL

- 3-18 X 5O with illuminated Reticle in FFP
- Ultrashort and lightweight riflescope with wide field of view and high contrast image
- Optional left or right side windage
- Absolutely reliable repeat accuracy and precise, clearly defined click mechanism
- Innovative TWIST GUARD windage (patented)
- Parallax wheel integrated into the elevation turret (patented) (25 m to ∞)




**KAHLES K 624i**
PROFESSIONAL CHOICE FOR LONG RANGE

- 6-24X50 with wide field of view
- Precise & Clearly defined mechanism for reliale accuracy
- Optional left or right windage
- Paralax Wheel integrated into elevaton turret.
- Precise Illuminated reticles in 1st Focal Plane




**KAHLES K 18i**
THE MATCH WINNER

- Optimised for IPSC & 3-Gun matches
- Ultra wide field of view - 8x Zoom and true 1x Magnification
- Integrated throw levers
- Extra Bright day/night illumination
- Special reticles designed for IPSC and 3-Gun.




**KAHLES HELIA 3,5-18X50i**
HUNTING WITH HIGH MAGNIFICATION

- High Quality optics up to 18x magnification
- Paralax adjustment combined with illumination
- Exceptional edge to edge calrity
- Day/Night illuminated reticle with intelligent auto on/off switch




**HELIA S 42**
THE PERFECT ALL ROUNDER

- Powerful high contrast optics with exceptional edge to edge clarity
- Wide field of view
- Light and Ergonomic
- Durable and resilient with a robust magnesium housing
- Available in 8x42 and 10x42





**HELIA 42 and HELIA 56**
IDEAL FOR STALKING AND HUNTING IN THE MOUNTAINS

- Natural, Earthy Colours
- Lightweight and Balanced with Ergonomic Open Bridge Design
- Superb Image Quality in Daylight as well as at Dusk or Dawn
- Rugged, Fog Free and Waterproof
- Innovative Accessories made of High Quality and Noisless Natural Materials.
- Available in 8x42, 10x42 & 8X56




**HELIA RD-C ( Red Dot - Closed )**
ROBUST RED DOT SIGHT FOR DRIVEN HUNT
- Anti-Reflexion coating for clear visibility
- Precise 2 MOA dot for minimum target covering
- 4 manual illumination settings with intelligent automatic switch-off &
- MAX LIGHT function for extreme backlight situations
- SAFE LIGHT function to secure the red dot
- Picatinny mount with quickrelease and screw locking included
- Flip up covers included




**HELIA RD**
RED DOT SIGHT FOR DRIVEN HUNT
- Unique Anti-Reflexion coating for clear visibility
- Precise 2 MOA dot and Easyclick
- Picatinny mount or adapter plate for most popular European mounts included
- 4 manual illumination settings with intelligent automatic switch-off
- Easy to change battery




**KAHLES HELIA RF-M**
FAST DISTANCE MEASURING
- Easy and reliable targeting up to 2,000 m
- Ergonomical design, intuitive handling, simple menu navigation
- Exceptional edge to edge clarity and large field of view of 117 m/1,000 m
- Premium-quality OLED display with five manual brightness settings and display in meter or yards
- EAC-function (Enhanced Angle Compensation) for angle correction (patented)
- Scan mode, temperature- and air








KAHLES

NOTICEABLE PERFECTION

The HELIA line places uncompromising focus on the essentials, honouring our straight and honest quality promise: Noticeable perfection!

WHYLO DISTRIBUTORS
1 Tetford Circle, La Lucia Ridge, Durban 4051, South Africa.
Telephone +27 (0)31 584 8088, www.whylo.co.za

kahles.at

# ‘Lanterne Lumens’

WILDLAND PRODUK VAN DIE MAAND




***“Hello Darkness my old friend, I’ve come to talk with you again...” Wie sou gesê het dat woorde uit dié alombekende lied van Simon & Garfunkel wat die publiek vir die eerste keer op 19 Oktober 1964 gehoor het, so toepaslik op ons huidige Eskom-situasie aangewend kan word.***

Vir my persoonlik, is daar min goed so frustrerend soos die krag wat afgaan net as jy by die huis aankom na ’n lang dag se werk, of as jy regmaak om jou span op kanaal 201 te ondersteun en Eskom het ander planne.

Gelukkig is daar produkte op die mark wat ‘verligting’ in sekere aspekte van ‘loadshedding’ kan bring en een van hulle is Fenixlight se CL23

CL Staan vir Camping Lantern en is letterlik so ontwerp dat dit vir jou as ’n lantern en flitslig gebruik kan word. Hierdie lantern(tjie) is klein en kompak genoeg dat dit letterlik enige plek sal inpas sou jy hom langs jou tent inpak vir jou naweek na die jagveld, viswaters of Drakensberge. Hy weeg slegs 140gr en is maar net 85mm hoog en 55mm breed.




Deur Danie van Dyk

Soos met meeste Fenix-produkte het die CL23 'n klomp ander funksies en verstellings as net 'n aan/af knoppie. Jy kan hom verstel dat hy, soos 'n regte lantern, 360 grade lig uitstraal waar jy ook die intensiteit hiervan tussen 40 en 300 lumens kan verander, asook stel dat hy net in een rigting lig sal lewer. Sou jy onmiddellik 'n flitslig benodig sal die CL23 jou daar ook uithelp, daar is LED-liggies aan die onderkant wat, so eenvoudig as om net die knoppie 'n paar keer te druk, die lantern in 'n flitslig sal verander, alhoewel dit nie so skerp en vêr sal skyn nie, sal dit genoeg wees om te kyk wat middernag in die yskas 'rondsluip' as die krag sou af wees. Die CL23 kan ook in rooilig skyn en flikker sou mens dit in noodtoestande benodig.

Die CL23 is skok-, water- en stof-weerstandig en kan maklik deur middel van sy lantern-handvatsel op enige plek opgehang word, hetsy dit nou in 'n boom, op spyker/skroef teen die muur en selfs, indien jy sou wou, op die wasgoeddraad. Net so het hy ook skroefdraad aan die bokant as jy hom, soos 'n kamera, op 'n driepoot wil monteer.








***Die CL23 kan gestel word sodat dit net in een rigting sal verlig.***

***Dit het ook 'n rooilig funksie vir noodtoestande — konstant en flikker.***





***Daar is ook LED's aan die onderkant van die CL23 wat dit instaat stel om ook as 'n flitslig gebruik te word.***





***Die handvadsel is van soo aard dat mens die lantern amper op enigeïets kan hang.***

***Die CL23 kan, soos 'n kamera, ook op 'n driepoot/staander vasgesit word.***

Die CL23 sal tot en met 350 ure vir jou lig lewer voordat die batterye pap raak. Hy bevat drie AA of sogenaamde 'Penlight' battery, maar wat hom so uniek maak is dat hy nie al drie nodig het om te werk nie, hy sal met net een en/of twee battery nogsteeds skyn maar sal nie die hoogste ligintensiteits-verstellings kan lewer nie. Hy is juis so ontwerp dat sou mens dringend lig benodig, jy met net een battery sal kan regkom.

Die eenvoudige ontwerp van die lantern het oor die loop van honderde jare min of meer dieselfde gebly, al verskil is, vandag gebruik hulle nie meer olie en/of parafien en lewer klein vlammetjies nie, hulle lewer lumens en ruim hoeveelhede daarvan.

R&S Traders is die amptelike invoerder van alle FENIX produkte, Kontak hulle gerus op: 011 918 6861 vir meer inligting. WL




## TECHNICAL PARAMETERS

| | OUTPUT | RUNTIME | IMPACT RESISTANCE | WATERPROOF |
|---|---|---|---|---|
| HIGH | 300 Lumens | 7.5h | 1m | IP66 |
| MED | 150 Lumens | 13h | | |
| LOW | 40 Lumens | 45h | | |
| FRONT | 25 Lumens | 80h | | |
| DOWN-1 | 2 Lumens | 350h | | |
| DOWN-2 | 25 Lumens | 80h | | |
| RED LIGHT | 1 Lumen | 150h | | |
| RED FLASH | 1 Lumen | 300h | | |





# Wat Waar Wanneer

**Stuur julle nuus:**
Ons nooi alle jag- en skietverwante organisasies uit om jul aktiwiteite aan ons te stuur - ons sal dit gratis publiseer. Stuur die bydraes aan info@wildlandmag.co.za

## *International Shows:*
*(currently subject to change)*

### *SHOT Show:*
*18 - 21 Jan 2022 ,*
*Sands Expo Convention Center,*
*Las Vegas, United States*

### *IWA Outdoor Classics:*
*3 - 6 March 2022 ,*
*Nuremberg Messe*
*Huremberg, Germany*

### *Huntex Show:*
*Dates to be advised 2022,*
*Gallagher Convention Centre*
*Midrand, Johannesburg*

## *Wildland* se video-kanaal op YouTube

*Wildland* het sy eie kanaal op YouTube. Daar is **twee maniere** hoe jy na die video's kan kyk:
1) Skandeer die QR-kode by sekere artikels met jou selfoon. Jy moet egter eers 'n gratis 'app' aflaai om na die video's te kyk. Met 'n Samsung-foon:

Gaan na jou 'Apps', klik op *Play Store*.
Tik dan in '*QR scanner*'.
'n Verskeidenheid QR-skandeerders is beskikbaar, maar ons vind die QR Droid-skandeerder die beste.
Klik daarop en klik dan op '*Install*'.
'*Accept*' hulle voorwaardes en volg die instruksies op jou selfoon.
Nou kan jy ons video's skandeer.

Indien jy WiFi gebruik, is dit ook gratis.
2) Om na die kanaal te kyk en al die video's te sien, is absoluut gratis.
Al wat jy moet doen is:

Gaan na www.youtube.com
Tik in Wildland Magazine
Klik op ons logo en dan sal jy al die video's wat beskikbaar is, kan sien.

**DIT IS GRATIS OM IN TE TEKEN. JY SAL TELKENS 'N E-POS ONTVANG AS DAAR 'N NUWE VIDEO GEPLAAS WORD.**

YouTube

Kyk gerus na ons video's op:
www.youtube.com/channel/UCz0egNisnPb8F0DBedJhKKw




| DATUM | PLEK | GELEENTHEID | | |
|---|---|---|---|---|
| 28/10 | KAAPJAG | Dagbestuursvergadering | Matt Relihan | 021-975 6324/5 |
| 30/10 | Hermanus S/K | CHASA Randslag Baanskiet | Paul Maartens | 083 688 5690 |
| 04/11 | KAAPJAG | Dagbestuursvergadering | Matt Relihan | 021-975 6324/5 |
| 06/11 | Overberg | Overberg Kleiteikenskiet | Douw Willemse | 084 580 1246 |
| 13/11 | Boesmanland | Boesmanland 3-geweerskiet | Anthony Swift | 082 821 0140 |
| 20/11 | Wes-Boland | Wes-Boland Chasa Dangerous | | |
| | | Game Shoot ne .303's | Kobus v. Niekerk | 083 460 3474 |
| 27/11 | Weskus | Weskus Afsluitskiet | | |
| | | Randslag/Senterslag/Haelgeweer | Abri Basson | 083 658 6881 |
| 04/12 | Boesmanland | Boesmanland afsluitskiet | Anthony Swift | 082 821 0140 |
| 11/12 | Wes-Boland | Wes-Boland Vlakteskiet / | | |
| | | Haelgeweer / Handwapen | Kobus v. Niekerk | 083 460 3474 |






# Koedoe Kaskenades

Deur André van Dyk

'n Vriend van my het altyd gesê " 'n koedoe laat nie op hom skiet nie". Oor al my jagjare het ek dit oor en oor geleer, nie net wat myself betref nie maar ook van ander jagters.

Die koedoe is deel van die spiraalhoring-spesies waarvan die 'Central African Giant Eland' die grootste is. Die horings van 'n koedoe is egter die langste van hierdie besonderse groep. Almal van hulle, van die kleinste, die bosbok, tot die 'Giant Eland' het die vermoë om 'n jagter te laat sweet sou jy hom in jou visier wil kry. Dit is nou maar net eenmaal so, 'n mooi groot koedoebul is tog op elke jagter se 'wenslysie' en jagters doen alles in hul vermoë om daardie stel horings teen hul muur te laat pryk. Indien jy daardie koedoe alleen en te voet in die bosveld geskiet het, kan jy jouself op die skouer klop want dan het jy vêr gevorder op jou jagpaadjie.

Koedoes kom wydverspreid oor Afrika voor en ek was bevoorreg genoeg om 'die grys spook', soos sy bynaam heet, in Limpopo, Oos-Kaap, Natal, Noord-Wes, Noord-Kaap, Mpumalanga, Zimbabwe, Zambië, Botswana en Namibië te jag. Elkeen van hierdie koedejagte was baie spesiaal. Ek vertel kortliks 'n paar van my koedoe-kaskenade-episodes.

## Koedoejag in Limpopo

Ek het my eerste koedoekoei gedurende 1978 op die plaas van tannie Daisy de Jager naby Musina geskiet. Dit was laat-middag en die laaste dag van die jag. Ek wou nog twee rooibokke skiet en het my 6mm Musgrave gedra. Daardie jare is jagters nog toegelaat om alleen te jag. Die son was agter my en die wind van voor, ek het geweet die rooibokke is daar voor iewers en het stadig probeer nader gaan om 'n skoot te kry. Ek het 'n beweging in die ruie Mopani-bos gesien en doodstil gestaan. Ek kon nie sien wat dit was nie. Stadig en sommer vanself het die geweer se kolf my skouer gevind. Deur die teleskoop kon ek net die ore van die koedoe sien wat beweeg - sy was totaal onbewus van my. Daar was geen manier dat ek kon skiet nie want die bos was so dig dat ek nie haar lyf kon sien nie, hier skaars 50 meter van my af. Ek het doodstil gestaan en deur die teleskoop bly kyk. Naderhand het sy 'n treë vorentoe gegee en ek kon haar nek sien – dit is al wat ek nodig gehad het.

My eerste redelike bul was op die plaas van Henk Osmers agter die Soutpansberg. Ek het van my kliënte gevat om te jag en nadat elkeen 'n paar rooibokke geskiet het, het ons 'n dag of twee oorgehad om net te ontspan. Maar hoe 'ontspan' 'n jagter in die jagveld – sekerlik nie in die kamp nie. Ek het die oggend nog 'n rooibok geskiet en net na ons middag-skuinslê-tyd het die wind liggies begin waai - dit was koedoe-tyd. Hulle het my op die anderkant van die plaas afgelaai sodat die son agter my



'n Mooi koedoebul is op elke jagter se wenslysie

was en die wind skuins van voor. Nadat die bakkie vertrek het, het ek 'n lemoen ge-eet en nog 'n rukkie gesit voordat ek opgestaan het. Met my 30-06 reeds in my hande, wat op daardie stadium my grootste kaliber was, het ek die bos aangedurf. 'n Halfuur later merk ek 'n koedoebul op wat ongeveer 150 meter van my af wei. Hy was in 'n oopgedeelte van die bos en ek het stadig gaan sit. Toe ek die kruishaar agter sy blad sit hoor ek 'n tak breek regs van my. Ek draai my kop stadig om te sien wat dit is en daar staan nog 'n bul 30 meter van my af. Ek skuif stadig op my boude om in 'n beter skietposissie te kom en ek dink die koedoe het my gehoor want hy staan doodstil om te luister. Sy blad was oop en toe die skoot klap het hy nie baie vêr gekom nie.

In die middel tagtiger jare was dit bitter droog in die Gravelotte area van Limpopo, toe nog Transvaal. My vriend Zander is deur van die boere genader om wild uit te skiet want daar was net nie meer genoeg kos nie. Zander het my gevra om te kom help en twee dae later was ek by hom. Die wild was so maer dat hulle net 'n paar treë kon draf as hulle die bakkie sien en het dan weer gaan staan. Ons het alles wat voorkom van die bakkie af geskiet en nie eers geloop nie. Hierdie was nie jag nie – dit was 'n uitdun-operasie.

Ons het elke dag 'n roetine gevolg. Vroeg-oggend bestuur Zander die bakkie en ek skiet wat voorkom, rooibok, koedoe, blouwildebees en vlakvark. Voor agtuur was ons terug by sy huis vir ontbyt met 'n volgelaaide bakkie. Daarna is ons weer uit dan het ek bestuur en hy het geskiet. Die middae is ons weer twee keer uit en elke keer was die bakkie vol diere. Ek weet nie hoeveel koedoes ek gedurende daardie week geskiet het nie maar ek weet een dag het ons nege in totaal geskiet.

My grootste koedoe wat ek ooit geskiet het se horings was 58 duim lank. Dit was ook op die plaas van Henk Osmers waar ek my eerste bul geskiet het. Ek het na 'n bul geskiet met my 9,3X62mm maar my skoot was te hoog en skuins van agter en alhoewel ek en 'n spoorsnyer die bloed vir twee dae gevolg het, het die koedoe my ontglip want hy het ophou bloei. Daar het ek gesien hoe wakker 'n koedoe kan wees as hy agterkom jy is op sy spoor. Hierdie koedoe het 'n paar keer doodstil gestaan en elke keer as ons te naby kom of ons gaan staan ook het hy net weggespring. Na die tweede dag kon ek nie meer verder loop nie, my voete was vol waterblase. Ek was vir dae baie 'naar' vir myself oor die k@k skoot wat ek geskiet het.

'n Jaar later is ek weer op die plaas en Henk en ek stap saam om koedoe te soek. Hy is 'n expert koedoe-jagter en het meer koedoes geskiet as was meeste mense gesien het. Op 'n stadium gewaar hy 'n groot bul wat in die skadu staan en slaap. Hy fluister ek moet skiet. Toe ek die koedoe deur die teleskoop sien het ek geweet dit is 'n MENEER, sy horingpunte was hoog bo in die takke. Ek skiet hom met dieselfde 9,3X62mm wat ek die vorige jaar gebruik het. Ons volg die bloedspoor en kry hom 30 meter verder. My skoot is regdeur die een blad en net agter die ander een uit. Henk wys na 'n merk hoog op sy boud en sê ewe droog "Dit lyk of hy dalk al klaar 'n skoot weg het, maar dit het mooi gesond geword". By die kamp gekom word die koedoe afgeslag en ons sien dat dit inderdaad 'n skoot is wat die koedoe oorleef het.

Die volgende dag bewerk ons die vleis en daar kry ons die koeël waar dit voor, binne in, die rugstring vasgesteek het – dit lyk na 'n 9,3 kaliber – en toe begin ek dink. Ek vat my geweer en skiet 'n skoot op die skietbaan in die sandwal in en toe grou ek die koeël uit. Nadat ons beide koeëls mooi skoon gewas het vergelyk ons die groefmerke en wat ons kan sien lyk dit werklik of dit uit dieselfde geweer gevuur is.

Toe ek terug in Pretoria is, klop ek vir hulp by die Polisie se forensiese-afdeling aan en ek gee beide koeëls aan hulle om dit te ondersoek. Twee dae later bel hulle my en sê ek kan maar die koeëls kom haal hulle kom uit dieselfde geweer!

Dit het my nog 'n baie groot les geleer – jy moet 'n koedoe reg skiet, maak nie saak hoe groot jou kaliber is nie, as jy 'n swak skoot skiet het jy verseker moeilikheid. Dit bewys ook dat 'n koedoe 'n geweldige oorlewingsdrang het want om met 'n 9,3X62mm koeël in sy rug, vir 'n jaar in die bos te oorleef wil gedoen wees.





Die grootste koedoe wat ek geskiet het was in Limpopo naby Musins en sy horings het 58 duim gemeet.






BO: Gedurende die tagtiger-jare was dit bitter droog by Gravelotte – so het die veld gelyk.
LINKS: Nog 'n bul wat ek onlangs in Limpopo naby Thabazimbi geskiet het.

# Koedoejag in Namibië

Op die plaas Holstein, nie vêr van Etosha af nie, wat aan Gunther Heimstädt behoort het, het ek twee groot bulle binne ongeveer 10 minute van mekaar geskiet.

Gunther en ek het geloop om koedoe of gemsbok te soek. Die omgewing was baie klipperig en vol haak-en-steek bome. Dit was egter die perfekte koedoe-omgewing want 'n koedoe hou van plekke waarvan 'n mens nie hou nie. Na 'n uur se gesoek het ons 'n groot koedoebul 200 meter voor ons sien staan. Ek het dooierus met my 8X68mm oor die skietstokke gevat en toe die skoot klap kon mens sien die koedoe krimp ineen en hy het tussen die bosse verdwyn. Gunther sê ons moet hom 'n rukkie kans gee en dan die bloed volg. Ons wag 'n paar minute en begin om na die plek te loop waar hy gestaan het. Vyftig treë verder spring daar nog 'n bul uit skaars 100 meter van ons af. Ek hoor hoe Gunther vir my fluister "Hy gaan nou staan, skiet as hy staan". Sy woorde was skaars koud of die bul gaan staan en kyk terug na ons - die Steyr Mannlicher praat weer, hierdie keer sommer uit die vuis uit. Ons kry beide bulle en toe begin die harde werk om hulle tussen die klippe uit te dra bakkie toe.

Ek het ook heelwat ander koedoes op dieselfde plaas en ander plase in Namibië gejag.





BO: Koedoelbul by die wataergat in Etosha
ONDER: Die twee bulle het ek binne 10 minute van mekaar naby Etosha in Namibië geskiet.









**ZEISS Conquest V4**
High-quality optics for rugged hunting use

Uncompromising quality and ruggedness – the Conquest V4 line of high-performance riflescopes combines the tried-and-true ZEISS optics concept with a rugged and functional design. Equipped with 4x zoom and functional and fully reliable mechanics, these scopes set a new standard in their class.

**Available in:**
**V4 1-4x24, V4 3-12x56, V4 4-16x44, V4 6-24x50**

info.za@zeiss.com

ZEISS
Seeing beyond




Alister McFarlane en ek by die koedoe wat ek tydens die maak van die video geskiet het.



Die Okavango is die mooiste plek waar ek ooit gejag het.



Die makorro word algemeen in die Okavango gebruik as 'n uitstekende vervoer-middel.





ONDER: Links is ek by die sitatunga , en regs saam met Ian McFarlane (Alister se pa) by die lechwe wat ek geskiet het.

## Koedoejag in Botswana

Destyds toe ek nog aktief videos vir die SAUK vervaardig het, was ek op 'n stadium by Vira Safaris in die Okavango Delta om 'n sitatunga en lechwe te skiet. Die jag het goed afgeloop en ek en Alister McFarlane, een van die eienaars van Vira Safaris, het begin praat om 'n promosie-video vir hulle te vervaardig. Die idee was dat ons die jag van 'n oorseese kliënt wat buffel, koedoe en sitatunga wou skiet, sou verfilm. Dit was vir Alister belangrik om veral die jag van hierdie drie spesies op video te wys - maar ons sal moet wag vir die regte kliënt.

Twee maande later bel Alister my om te sê hy het 'n jagter uit die VSA wat bereid is om ons te help. Hierdie jagter kom oor presies 'n maand. Ek is opgewonde oor hierdie video want om net in die Okavango te kom, al jag jy nie, is 'n wonderlike ervaring. Ek vra my destydse vennoot Pierre Joubert om saam te gaan en te help want dit sal beter wees om twee kameras te gebruik as een. Ons bespreek die vliegkaartjies en kan nie wag vir die vertrek-dag om aan te breek nie.

Op Maun aangekom groet Alister ons met 'n lang gesig – sy kliënt het 'n persoonlike probleem opgetel en het die jag gekanselleer! Ons is platgeslaan want ons het beide so uitgesien daarna. Ons het een van twee keuses, of ons gaan terug en kom later weer, of ons moet onmiddellik 'n ander 'akteur' kry want al die permitte is klaar uitgeneem. So 'n geleentheid mors mens nie op nie en net daar word ek 'n akteur – ek sal met die geweer skiet en Pierre moet met die kamera skiet.

Die Okavango is sekerlik een van die mooiste jagplekke waar ek al was. Elke jagstreek het sy eie 'mooi' in hom – geen jagplek kan mens as 'lelik' bestempel nie want dit is God se Skepping –net soos die mens elkeen uniek en mooi op sy eie is.

By Vira Safaris word daar gewoonlik uit 'n 'makorro' gejag, die unieke kanoe wat in die Okavango gebruik word. Die makorro word geruisloos en behendig deur twee spoorsnyers met pale deur die water gestuur. Hulle druk ast'ware die makorro vorentoe deur op die paal te leun en dan die ander punt deur die vlakwater op die grond te druk. Dit is harde werk maar uiters effektief want mens kan baie naby aan die diere kom. Ek skiet 'n lechwe en 'n buffel met my .375H&H uit die makorro uit. Ek skiet nog 'n buffel, 'n sitatunga en 'n mooi koedoe te voet op die eilande. Mens soek gewoonlik die wild eers met die makorro en as jy nie naby genoeg kan kom nie bekruip jy hulle deur die kniediep water of oor die dig begroeide eilande.

Ons het die koedoe gewaar waar hy ongeveer 300 meter voor ons gestaan het, maar dit was te vêr om 'n skoot met die .375H&H te vat. Toe ons nader gaan het hy ons gewaar en agter om 'n eiland gedraf. Alister het gesê ons moet die spoorsnyers met die makorro laat aangaan dan klim ons af en stap deur die eiland, hy was seker dat die koedoe vir die makorro sou kyk as hy nog daar was. Dit het na 'n uitstekende plan geklink en ons maak so. Toe ons byna op die anderkant van die eiland is merk ons die koedoe waar hy stip na iets kyk verder aan – dit was die makorro - en die koedoe se laaste 'kyk'.









Seker een van die mooiste gesigte wat mens in die bosveld kan sien - 'n MENEER van 'n koedoebul.

## Wenke vir die jag van koedoes in die bosveld.

Met hierdie wenke probeer ek glad nie voordoen dat ek 'n bo-baas-koedoe-jagter is nie – inteendeel daar is baie ander jagters wat veel meer koedoes as ek geskiet het. Ek probeer net my koedoe-ervarings aan voornemende koedoe-jagters oordra, dalk kan hulle daarby baat vind.

- As 'n gids jou begelei, wat 99% van die geval sal wees – trek sy handbriek bietjie op. Om met spoed deur die bos te loop, gaan jou niks in die sak bring nie. My ou jagvried Henk het altyd vir die gids gesê "Jy moet loop asof jy na die werk toe gaan op Maandag oggend, moet nie loop of jy na die bier toe gaan op Saterdagmiddag nie". Loop eerder 500 meter as twee kilometer.
- Kyk met elke treë wat jy gee links en regs voordat jy die volgende treë gee.
- Staan kort-kort om te luister wat in die bos aangaan.
- Moet nie direk teen die wind loop nie, loop eerder skuins teen die wind in. Koedoes wei gewoonlik wind af omdat hulle jou dan kan ruik as jy agter hulle is en jou kan sien as jy voor is. So as jy skuins loop het jy 'n baie beter kans.
- As jy die koedoe kry moet nie tyd verspeel nie – as jy besluit om te skiet, doen dit so gou as moontlik.
- Skiet die koedoe verkieslik net soos hy staan want as hy beweeg gaan hy jou dalk sien. Hiervoor gaan jy 'n behoorlike kaliber benodig wat diep kan penetreer.
- Wat kalibers betref, gebruik die grootste een wat jy het. Ek weet van net te veel jagters wat bitter spyt is oor hul kaliber-keuses op koedoes. Daarmee bedoel ek nie dat jy nie 'n kleiner kaliber kan gebruik nie maar jou kans is baie beter met 'n 'bulgeweer' as 'bulltjie'. Indien jy wel 'n 'bulletjie' gebruik om jou 'bul' te jag – maak soveel meer seker van jou skoot.

Koedoejag is vir my een van die uitdaagendste jagervarings wat mens kan ervaar, om so op jou eie in die bos te wees en na die 'Grys Spook' te soek sal ek vir min dinge verruil.

'n Junior jagter vra my anderdag "Oom hoeveel koedoes het jy in jou lewe geskiet?" "Ek weet nie want ek het hulle nie getel nie" was my antwoord aan hom, en toe kom die volgende vraag "Wanneer het oom, oom se laaste koedoe geskiet?" Ek dink so bietjie en gee hom die volgende antwoord. "Ek hoop nie ek het al nie". WL





# WEN MET WILDLAND

## Kyk wat het ek gejag

Let asseblief daarop dat alle wenners van hierdie kompetisie self vir Wildland moet kontak op info@wildlandmag.co.za om hul pryse op te eis. (indien prys nie binne 2 maande geeis word nie verval dit)


**Kyk wat het ek gejag en wen met R&S Traders**

Stuur jou jagfoto's saam met die nodige besonderhede aan **jagfotos@wildlandmag.co.za** en staan 'n kans om 'n **Prys** te wen. R&S Traders borg die prys. Hierdie maand se prys is 'n Fenixlight E12V2 Flitslig ter waarde van R500-00.

***Kontak die invoerders, R&S Traders, by 011 918 6861 vir meer inligting.***

FENIX LIGHTING FOR EXTREMES





## WILDLAND-WENNER

Die wenner van die Fenixlight E12V2 is Dion Theart met die Koedoebul hy gejag het. Baie geluk!




**Jagter:** Dion Theart; **Spesie:** Koedoebul;
**Geweer:** 6.5 Creedmoor; **Ammunisie:** 143gr Hornady ELD-X;
**Afstand:** 198m



**Jagter:** Kate-Lynne Grobbelaar;
**Spesie:** Blouwildebeeskoei;
**Geweer:** 6mm Remington;
**Ammunisie:** 87gr Hornady V-Max;
**Afstand:** 120m
**Plek:** Kapokfontein, Reddersburg




**Hunter:** Kobus van Zyl; **Species:** Witblesbok;
**Geweer:** .300 WinMag; **Ammunisie:** 150gr Remington
**Afstand:** 150m; **Plek:** Hoeksfontein Safaris, Pearston



**Jagter:** Andries Loots; **Spesie:** Bosvarkbeer;
**Gewere:** Brno 30-06 Springfield;
**Ammunisie:** 168gr PMP; **Afstand:** 60m
**Plek:** Pongola, KZN



**Jagter:** Morné Wenum; **Spesie:** Sebrahings;
**Geweer:** .308 Winchester;
**Ammunisie:** 180gr Peregrine VRG3;
**Plek:** Alldays



**Jagter:** James Kane Berman; **Spesie:** Blouwildebeesbul;
**Geweer:** .416 Ruger; **Afstand:** 100m;
**Plek:** Middelburg, Mpumalanga



**Jagter:** Hannes Claassen; **Spesie:** Vlakvarkbeer;
**Geweer:** Lee Enfield .303;
**Afstand:** 100m;
**Plek:** Dwaalboom



**Hunter:** Johan De Jager; **Species:** Impala ram;
**Bow:** Mathews VXR 31.5;
**Arrow & Head:** Easton Axis 5mm & Magnus Black Hornet;
**Distance:** ± 25 yds; **Place:** Steenbokpan



**Jagter:** Elizna Harmse; **Spesie:** Blouwildebees;
**Geweer:** Weatherby .270 Win;
**Afstand:** 75m;
**Plek:** Thabazimbi, Limpopo



**Jagter:** Leon du PLessis; **Spesie:** Koedoebul
**Geweer:** .300 Win Mag;
**Ammunisie:** 180gr Hornady; **Afstand:** 80m;
**Plek:** Bombazi, Oos-Kaap

# WEN MET WILDLAND

# Kyk wat het ek gejag - Juniors

Let asseblief daarop dat alle wenners van hierdie kompetisie self vir Wildland moet kontak op info@wildlandmag.co.za om hul pryse op te eis. (indien prys nie binne 2 maande geeis word nie verval dit)

**Kyk wat het ek gejag en wen met Bushnell**

Stuur jou jagfoto's saam met die nodige besonderhede aan **jagfotos@wildlandmag.co.za** en staan 'n kans om 'n *Bushnell-verkyker* ter waarde van R1 500 te wen. Ultimo borg die prys.


***Kontak die invoerders, Ultimo, by 011 785 4700 vir meer inligting.***

Bushnell



## WILDLAND-WENNER

Die wenner van die Bushnell-verkyker is Eben van Wyk met die springbok wat hy gejag het. Baie geluk!




**Jagter:** Eben van Wyk ; **Spesie:** Springbok; **Geweer:** Musgrave .243 Winchester; **Afstand:** 250m; **Plek:** Askham, Noord-Kaap



**Jagter:** Keegan Rivett; **Spesie:** Rooibokram; **Geweer:** Musgrave 30-06; **Ammunisie:** 168gr; **Plek:** Musina, Limpopo



**Jagter:** Jayden Botha; **Spesie:** Blouwildebees **Geweer:** CZ 550 .308; **Ammunisie:** 150gr Hornady SST **Afstand:** 201m; **Plek:** Ventersburg,Vrystaat

## Die wenners van die Junior fotokompetisie, Kyle Coetzee, en Donavan v.d. Merwe ontvang hul verkykers.



Wesley Brown van Ultimo oorhandig die Bushnell-verkyker aan Donavan v.d. Merwe, wenner van September-maand se uitgawe.



Kyle Coetzee, die Oktober-maand wenner geniet sy verkyker in die bosveld.












THE CO-OP
DIE KOOPERASIE
OUTDOOR & ADVENTURE

*25 Piet Uys Street,*
*Humansdrop 6300*
*Tel: +27 42 291 0431 Riaan, Cheryl & Eduan -*
*firearms.humkoop.co.za*

*4 Adriana Cresent; Gateway Industrial Park;*
*Rooihuiskraal Ext. 25, Centurion 0154;*
*Tel: 012 661 3224/5/7; Sales1@nobleteq.com,*
*Sales2@nobleteq.com, www.facbook.com/nobleteq*

NOBLETEQ
ARMS AND AMMUNITION

# OUTOP SE VERJAARSDAG-JAG

*Wanneer 60 jou kom roep, lê jou lewensverhaal soos 'n oop boek voor jou gesin. Daar is baie min van jou wat hulle nog nie daarin gelees het nie. Dinge in jou persoonlikheid wat jy probeer wegsteek het, het ook lankal reeds uitgeborrel. Net die raaisel vrae bly oor, soos:" Wat wil pa doen vir pa se 60ste verjaarsdag op 7 Julie?"*



JAG natuurlik, daar is mos nie 'n ander antwoord nie. Nadat my oudste dogter se mond toegeklap het –want sy het verwag dit gaan 'n 'levergun' wees - begin die beplanning in volle swang.

Op my 60ste verjaarsdag wil ek die voorreg he om in die jagveld te wees net met my gesin. Ek wil wag dat almal in hulle jagareas kom en dan onder 'n boom met 'n koffie en 'n pyp te sit en wag vir die skoot, n skoot wat net een van my gesinslede kan wees.

Gelukkig is Clive se plaas Mooimeisiesfontein binne die Noordwes Provinsie se grense en Lockdown beperkinge. Ons gesin bestaan uit vier pare, dis nou ek en my ou wyfie en my drie kinders, skoonkinders en twee kleindogters.

Om 04:00 op 'n snerpende koue 7 Julie draai my bakkie se sleutel en die gewillige Toyota enjin laat weet dat 'curfew' vir vandag verby is. Ek kan sy neus jagveld toe druk. Die plaas is net mooi 'n uur se ry hierdie tyd van die oggend. Daar aangekom is koffie 'n vinnige sluk en groet. Met die bosveld son wat nog besig is om te gaap en die winternag weg te was, staar ek my kinders agterna as ek net hulle rue en silhoeëtte sien verby gaan. Kiewiet en Rudie gaan padlangs oor die vlakte, verby die stert van die Seekoeidam, om blouwildebees of koedoe te soek.





Zet en Schalk gaan in die teenoorgestelde rigting, eers op teen die elektriese heining dan af, oor baie klippe, om die diepkant van Seekoeidam, om haar eerste rooibok te soek.

Ek en ou wyfie is oupa en ouma op diens en kyk na ons twee kleindogters terwyl pa en ma jag. Ons ry almal op DC se bakkie. Hy en Caroline is agterop saam met Clive in die vegstoel opsoek ook na 'n blouwildebees.

Die oggendskof word toe maar 'n droëe skof wat skote aan betref. Gelukkig maak Clive se besondere sagte groot-krummel-krummelpap op daarvoor. Met ons derms gestop met pap en wors vat ons die pad terug veld toe. Hierdie keer gaan Rudie en Leanie, oudste kleindogter, saam met Poena, die klortloop .303, om vir haar 'n rooibok te soek in die kamp oorkant die pad

**Deur Dawid Nel**



**Rudi Leane en 'Poena'**

Zet en Schalk vat weer die pad om die Seekoeidam. Kiewiet klim ook nou bakkie en ons is weg opsoek na 'n blouwildebees. Ons ry rond en bekyk die plaas van alle hoeke en kante. Orals pop allerhande bokke en diere op, maar bouwildebeeste, nêrens my vriend, nêrens..

Hier net na vyf se kant knipoog die son vir ons as teken dat hy nou moeg is om ons te brand en hy so 'n bietjie wil gaan rus.

'n paar blouwildebeeskoeie kry dieselfde boodskap. Hulle stap uit op 'n oopte reg langs ons, om die laaste strale te kom indrink. Clive en Dawid Jr. sit nou teenmekaar sodat hulle seker kan maak hulle praat van dieselfde bees wat nou die teiken geword het. Al wat ek hier voor in die bakkie hoor is Dawid Jr. wat in tale praat omdat die koei se kop nie wil stilstaan nie. Hy brom iets van 'n wurm in die neus hier oor die kolf, maar die prentjie verander nie. Tussen die brommery hoor ek die sprokies woorde:" Ek gaan maar liewers vir die blad gaan, voordat sy wegkomkans kry!!.

Die knaldemper veroorsaak dat die 300 H&H net 'n sagte Pgggggeeeuuw geluid uiter. Die knal as die 180 grein Sierra Gameking vleis tref, vertel jou egter dadelik dit is 'n 300 H&H wat gepaat het. Op impak lig die koei se voorkwart op, net om haar te lanseer die oomblik toe dit weer grond raak. Nou is die trop deurmekaar en ons weet nie watter een is watter ene nie. Al wat ons weet is dat die skoot goed geklink het en dat Dawid Jr. baie tevrede met homself en die skoot is.

Clive is baie kleiner as Dawid Jr., maar hou hom vas en haal sy sigarette uit dat daar nou eers gerook en gewag moet word. Ek trippel ook al hier langs die bakkie, maar Clive sê wag. Gee haar kans om dood te gaan en dan sal Cheetah - die Windhond - haar gaan uitsnuffel. Eish dis maklik gesê!!! Na die tweede sigaret is dit duidelik dat niemand nou meer vir Dawid Jr. op die bakkie gaan hou nie.

Onder die boom waar sy gestaan het is - nie bloed nie - nie spoor nie en nie bees nie!!

Cheetah en Clive begin om na enige van die drie te soek. Gelukkig het ons vroeër vir Zet en Schalk opgetel. Tussen Schalk, Clive en Cheetah gaan geen bloubees die wegkruipertjie speletjie wen nie. Cheetah word met soek-soek geluide aangespoor, maar hy kry nie 'n duidelike reuk of spoor nie. Dawid Jr. loop sirkels om die boom en bly murmereer dat die skoot goed geloop het, maar Cheetah borrel rond.

Dan klink dit asof iets sy neus raaksteek en hy vlieg met regte Windhond tjank/blaf geluide daar weg, met Clive agterna.

Cheetah en Clive bots amper met mekaar en die dooie blouwildebees onder die bos. Sy lê daar op haar pens met 'n perfekte bladskoot in die middel van die bene-drie-hoek. Dawid Jr. stoomroller hier van agter by my verby, ek dink 'n jackpot sou hom nie so wyd laat "smile" het as om saam met sy verloofde nie by sy eerste bokte wees nie.

Die man is op " Cloud 9".

Ek staan terug toe my wyfie, Dawid Jr. se verloofde en sy sussies so een vir een by die bloubees aankom. Elkeen het hulle eie kommentaar en gespot; van die 300 H&H wat net pgggggeeeuw maak tot wat Cheetah se reaksie sou gewees het as die bees sou opstaan. Dis veral Kiewiet wat nie 'n einde het aan haar spitsvondigheid nie . Wat 'n voorreg speel hier voor my af, almal is bly vir Dawid Jr. en sit nie stil vir die foto. Dit lag en skerts en ek besef my gesin is uiters gelukkig hier in die jagveld !. Wat meer kan 'n pa–hart doen as om, om te draai en weg te stap, sodat hulle nie die trane van geluk sien as ek my kop lig om vir die Groot Vader dankie te se nie.,

Terwyl ons wag vir die trekker, word die ou 300 veilig gemaak, sy het haar kant gebring vir die dag en dis nou koelboks se beurt om te werk. Ons staan in die pad en beloer die sakkende son elkeen met 'n ietsie koud om die dag en geleentheid te vier. .

'n Onaardse geluid wat soos 'n geroggel klink - of iets wat verdrink - weergalm van agter ons van die bakkie af.

Vriend Cheetah…. het die Koelboks oopgekry en verlustig hom aan groot happe koue water. Hy het mos die hardloop werk gedoen, hoekom gee niemand vir hom ook ietsie kouds nie?





**BO: Dawid Jr. saam met almal by die blouwildebees.**
**REGS: Cheetah drink water uit die koelboks uit.**

My mede ou gryskop/kaalkop jag mater: 'Kom ons laat nie die ouman in ons koppe instap nie, maar bly jonk met ons gesinne se lag en lewe in ons ore'. Los bietjie die vrinne en familie by die huis en vat jou gesin om te gaan jag.

Al het ons naweek net een bok opgelewer, was die memories legio. Ek het elke kind geniet en my laat middag oppie voet jag met skoonseun Rudie is onvervangbaar. Wag laat die fotos eerder as woorde verder vertel



My koek met 'n strokies prent van my lewe



Na 37 jaar kry ek dit uiteindelik reg om my ou wyfie met 'n roer oor die skouer in die veld te kry; selfs Zet en Schalk sluk swaar daaraan.




# PRECISION RELOADING




*Ons is experts met herlaai vir sukses en in jagveld, kompetisie en langafstand skiet. Het die produkte en komponente om dit te ondersteun soos Redding, Wilson, Lapua, Berger, Hornady en ander.*



Tools WILSON Gages
FOR ACCURATE UNIFORM HANDLOADS

REDDING RELOADING EQUIPMENT
LAPUA
BERGER
Hornady

*Ons verstaan behoeftes van skuts in vorm van kaliber keuse, teleskope en het die nodige kennis om te help.*





*Die alombekende Howa word verkoop in vorm van barreled actions en ons help dan met keuse van kolf/ chassis, monterings, teleskoop, magasyn, snellers en vele meer.*

VGK OUTDOOR & ADVENTURE

Address: 17 M.E Rothman Street
Parow North - Cape Town
7500 Telephone: 021 939 2391
Email: info@vgkoutdoor.co.za
www.vgkoutdoor.co.za

THE CO-OP DIE KOOPERASIE
OUTDOOR & ADVENTURE





**BO: Wors proe net beter so in die veld as enige ander plek.**
**REGS: Zet se inskiet beurt verras almal; sy skiet asof sy en die .300 vir mekaar gemaak is..**



**Cheetah hou nie van bakkie ry nie, hy wil op die spoor wees, daarom hou hy die pad stip dop, sodat hy nie iets mis nie.**

Almal van ons ken en geniet die musiek van Burning Bridges, maar ek hoop nie ons jagters het hangers in ons koppe wat groot genoeg is om hierdie liriek te lank te laat hang nie..

***"All the burning bridges that have fallen after me,***

***All the lonely feelings and the burning memories,***

***Everyone I left behind each time I closed a door,***

***Burning bridges lost for ever more!"***

Outoppies, moet asb nie jou gesins brue brand nie, vat jou gesin en geniet jou 60ste of enige spesiale verjaarsdag…… net julle in die jagveld….. jy sal nie spyt wees nie, maar gaan spyt wees as jy dit nie doen nie.
Hamba Katlhe!! WL





# Paul Kruger was certainly not an ordinary hunter!



Did you know that President Paul Kruger probably shot his first lion at an age of 11 with a muzzleloader?

The 10-year-old Stephanus Johannes Paulus Kruger was part of Potgieter's trek that started out in 1836. This young boy was destined not only to become the president of the Zuid-Afrikaanse Republiek, but also an exceptionally brave warrior and hunter.



In later years Paul Kruger shot his first lion near the Renoster River in the Free State at the age of 14 with a muzzleloader. However, Johannes Meintjes, who did extensive research of the "Groot Trek" and Paul Kruger's life and wrote a biography in 1974 about Paul Kruger, says the young Paul may have been as young as 11 when he killed the lion. His second lion was taken on the Hex River near where the town of Rustenburg would be developed years later.

Once a pride of lions attacked Kruger's oxen in the same area. He followed them, but they took off into the mountains. Kruger ran them in and managed to shoot two – quite a feat considering that the young man was using a muzzleloader that loads and shoots one shot at a time and takes quite an effort to reload.

During his many hunting excursions, Kruger was nearly killed on several occasions. He also had many adventures with hippos, elephants and buffalo. On one occasion, in the Waterberg, when he and some family members were on yet another hunting trip, he had an incredible fight with a buffalo cow and tried to drown it! His brother-in-law wounded the animal, and Paul Kruger was following it on foot when the buffalo suddenly charged from the thickets. Kruger's rifle misfired and had to run for his life. The ground was still wet from earlier heavy rain, causing him to slip and fall into a mud hole with the rifle disappearing into the muck. The charging buffalo also slipped and fell into the same hole.

As the buffalo was trying to gore the hunter, one horn got stuck in the bank of the hole. Kruger then grabbed the other horn and tried to keep the buffalo's head under the mire to drown it. The horn was, however, quite slippery from the mud and Kruger had to use both hands. He soon realized that his strength would give in before the buffalo was drowned. He then tried to hold the buffalo with one hand while reaching for his hunting knife on his hip. He was not strong enough and the buffalo broke free. It was, however, half-drowned and weak with its eyes covered in sludge so that it could not see Kruger. Both man and beast managed to get out of the hole, Kruger hiding behind a bush and the buffalo wandering off in the opposite direction never to be seen again. How many men can do what he had done, namely hold a buffalo's head down – even for a few seconds!

In 1845, while he was hunting rhinoceros in Secucuniland near the confluence of the Spekboom and Steelpoort Rivers, his four-pounder elephant gun exploded in his hands and blew off most of his left thumb. Kruger wrapped the wound in a handkerchief and retreated to camp, where he treated it with turpentine. He refused calls to have the hand amputated by a doctor, and instead cut off the remains of the injured thumb himself with a pocketknife. When gangrenous marks appeared on his arm up to his shoulder, he placed the hand in the stomach of a freshly killed goat, a traditional Boer remedy. He considered this a success. He wrote, "When it came to the turn of the second goat, my hand was already easier and the danger much less." The wound took more than six months to heal, but he did not wait that long to start hunting again! WL

*Meintjes, Johannes (1974). President Paul Kruger: A Biography (First ed.). London: Cassell. ISBN 978-0-304-29423-7.*



## Hoe bring mens 'vrede' en skiet bymekaar?

# Met 'n Ghong!

*Deur André van Dyk*

***Die Vrystaatse vlaktes is die ideale plek vir die sportskuts wat wil vêr skiet – op die dorpie Vrede kan jy so vêr as moontlik skiet.***

Die Vrede-gongskiet vind jaarliks plaas as 'n fondsinsamelingsprojek vir die plaaslike skool wat as kleuter-, laer-, en hoërskool dien en word heelhartig deur die boere en ouers van die omgewing ondersteun. Die geleentheid het oor die jare so uitgebrei dat dit nou ook deur instansies in die wapenbedryf, soos byvoorbeeld Zeiss, Wildman, Inyathi Sporting Supplies, Formalito, Normark, Delta en Lite Optec, om slegs 'n paar te noem, ondersteun word. Boerdery-bedrywe wat ondersteuning bied is BKB, Claas, Virbac en verskeie ander besighede in die omgewing. Hierdie skiet-byeenkoms is een van die hoogtepunte op die jaarlikse kalender van die 'vêr-skiet-manne'.

Op Saterdag 18 September 2021 was dit weer sulke tyd en die skuts het vroeg reeds begin inskryf. In total het daar 287 skuts ingeskryf en 73 spanne wat vyf/vyf saam geskiet het. Daar was 6 bane, elkeen met vyf gongs wat op verskillende afstande vanaf 168 meter tot op 417 meter geplaas was. Verskeie juniors het ook op indiwiduele basis en as spanne deelgeneem.

Toe die skote begin klap was die skuts in hul element en is daar op grootskaals kruit gebrand want elke skut het die kans gehad om met sy skietvermoë groot pryse los te skiet. Die meeste pryse is deur instansies in die wapen-, en boerderybedrywe geborg. Daar was byvoorbeeld 'n Zeiss teleskoop op die spel, 'n Savage jaggeweer vanaf Inyathi en ander, te veel om op te noem, groot pryse.

Terwyl die skote geklap het, is daar 'n hele os op die spit gebraai vir die groot 'fees' wat later sou volg.


























Hoe later dit geword het hoe ‘kwater’ was die wind en dit het in baie gevalle die skiet van die gongs oor die langer afstande beïnvloed. Nogtans het die wenner, Henna du Plessis, daarin geslaag om 29 van die 30 gongs raak te skiet. Vyf ander skuts het ook 29 uit 30 geskiet maar omdat daar ‘n puntwaarde aan elke gong gekoppel was, het Henna gewen.

Na die gongs almal gelui het is die skietgoed gebêre en het die prys uitdelings begin –daarna het die fees vure tot verby ‘lockdown’ gebrand en almal het ‘Vrede’ na die skiet ervaar! Vir meer inligting oor die Vrede-gongskiet kontak vir Derick Kitching op 010 880 2070. WL








LINKS BO: *‘n Hele os is op die spit gebraai vir die aand se feesvieringe.*
*BO: Amanda Venter is die gelukkige wenner van die trekking op die Savage Model 110 Apex Predator in die .243 Win-kaliber. Links van haar is Dewald van Inyathi Sporting Supplies en regs Derick Kitching.*
*REGS BO VLNR: Derick Kitching, Hendi Theron (wenner van die ZEISS-teleskoop) en Divan Swanepoel van ZEISS*

**Die uitslae was as volg en ons publiseer slegs die eerste ses plekke by elke afdeling:**

## Junior Individueel

| 296 | | | ☑ Manlik ☑ Vroulik | ☐ Senior ☑ Junior | Punte | | | | | | | Aantal ghonge raak geskiet | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Posisie** | **Deelnemer** | **Span** | **Geslag** | **Kategorie** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** |
| 1 | Claudia Barraball | Young Guns | Vroulik | Junior | 1051.3 | 162.5 | 151.4 | 175.4 | 215.9 | 175.6 | 170.6 | 27.0 | 4.0 | 4.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 | 5.0 |
| 2 | Nicolé Byliefeldt | Overwitch | Vroulik | Junior | 981.6 | 161.8 | 115.6 | 175.4 | 215.9 | 174.2 | 138.8 | 25.0 | 4.0 | 3.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 | 4.0 |
| 3 | Indrew Kimmins | Young Guns | Manlik | Junior | 869.4 | 111.8 | 185.0 | 175.4 | 122.0 | 136.5 | 138.8 | 23.0 | 3.0 | 5.0 | 5.0 | 3.0 | 3.0 | 4.0 |
| 4 | PJ Botha | Kossan Juniors | Manlik | Junior | 869.0 | 110.6 | 96.3 | 140.1 | 167.1 | 219.5 | 135.4 | 23.0 | 3.0 | 3.0 | 4.0 | 4.0 | 5.0 | 4.0 |
| 5 | Mia Geldenhuys | Kossan Juniors | Vroulik | Junior | 821.9 | 71.7 | 146.3 | 139.3 | 124.4 | 169.5 | 170.6 | 22.0 | 2.0 | 4.0 | 4.0 | 3.0 | 4.0 | 5.0 |
| 6 | Chané Geldenhuys | Kossan Juniors | Vroulik | Junior | 756.9 | 107.4 | 151.4 | 68.5 | 134.9 | 124.2 | 170.6 | 20.0 | 3.0 | 4.0 | 2.0 | 3.0 | 3.0 | 5.0 |

## Junior Span

| 74 | | ☑ Manlik ☑ Vroulik ☑ Gemeng | ☐ Senior ☑ Junior ☐ Gemeng | Punte | | | | | | | Aantal ghonge raak geskiet | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Posisie** | **Span** | **Geslag** | **Kategorie** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** |
| 1 | Young Guns | Gemeng | Junior | 3221.2 | 546.6 | 635.7 | 524.1 | 547.5 | 431.5 | 535.8 | 85.0 | 14.0 | 17.0 | 15.0 | 13.0 | 10.0 | 16.0 |
| 2 | Kossan Juniors | Gemeng | Junior | 3150.4 | 487.1 | 464.6 | 487.3 | 509.7 | 554.4 | 647.2 | 84.0 | 13.0 | 13.0 | 14.0 | 12.0 | 13.0 | 19.0 |
| 3 | Skiet Karnallies | Manlik | Junior | 1976.5 | 439.7 | 408.6 | 340.9 | 241.5 | 174.2 | 371.5 | 53.0 | 11.0 | 11.0 | 10.0 | 6.0 | 4.0 | 11.0 |
| 4 | Vleissentraal Juniors | Gemeng | Junior | 1818.9 | 432.1 | 235.0 | 310.8 | 209.2 | 334.1 | 297.7 | 48.0 | 11.0 | 6.0 | 9.0 | 5.0 | 8.0 | 9.0 |

## Span

| 74 | | ☑ Manlik ☑ Vroulik ☑ Gemeng | ☑ Senior ☑ Junior ☑ Gemeng | Punte | | | | | | | Aantal ghonge raak geskiet | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Posisie** | **Span** | **Geslag** | **Kategorie** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** |
| 1 | Overwatch | Manlik | Senior | 4394.6 | 789.7 | 739.9 | 701.4 | 774.0 | 786.7 | 602.9 | 114.0 | 20.0 | 20.0 | 20.0 | 18.0 | 18.0 | 18.0 |
| 2 | Casino Wolves | Manlik | Senior | 4154.7 | 754.7 | 590.3 | 665.4 | 733.9 | 727.9 | 682.5 | 108.0 | 19.0 | 16.0 | 19.0 | 17.0 | 17.0 | 20.0 |
| 3 | The "Y" Nots | Manlik | Senior | 4020.0 | 672.8 | 658.0 | 701.4 | 723.4 | 693.5 | 571.0 | 105.0 | 17.0 | 18.0 | 20.0 | 17.0 | 16.0 | 17.0 |
| 4 | Team Extreme | Manlik | Senior | 4007.6 | 754.7 | 651.3 | 553.9 | 774.0 | 692.8 | 580.8 | 104.0 | 19.0 | 18.0 | 16.0 | 18.0 | 16.0 | 17.0 |
| 5 | Top Gun | Manlik | Senior | 3943.3 | 654.0 | 651.3 | 701.4 | 772.2 | 727.9 | 436.5 | 103.0 | 17.0 | 18.0 | 20.0 | 18.0 | 17.0 | 13.0 |
| 6 | Memel MOA | Manlik | Senior | 3834.8 | 789.7 | 701.3 | 522.2 | 606.9 | 605.8 | 609.0 | 100.0 | 20.0 | 19.0 | 15.0 | 14.0 | 14.0 | 18.0 |

## Individueel

| 296 | | | ☑ Manlik ☑ Vroulik | ☑ Senior ☑ Junior | Punte | | | | | | | Aantal ghonge raak geskiet | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Posisie** | **Deelnemer** | **Span** | **Geslag** | **Kategorie** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** | **Totaal** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** | **Baan 6** |
| 1 | Henna du Plessis | Top Gun | Manlik | Senior | 1131.9 | 197.4 | 185.0 | 175.4 | 215.9 | 219.5 | 138.8 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 |
| 2 | Keith van Aarde | Gong Eaters | Manlik | Senior | 1128.5 | 197.4 | 185.0 | 140.1 | 215.9 | 219.5 | 170.6 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 |
| 3 | Hein Snibbe | Overwatch | Manlik | Senior | 1124.0 | 197.4 | 185.0 | 175.4 | 215.9 | 219.5 | 130.8 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 |
| 3 | Naas Steyn | The "Y" Nots | Manlik | Senior | 1124.0 | 197.4 | 185.0 | 175.4 | 215.9 | 219.5 | 130.8 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 |
| 5 | Christie Marais | Overwatch | Manlik | Senior | 1122.8 | 197.4 | 185.0 | 175.4 | 175.0 | 219.5 | 170.6 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 | 5.0 | 5.0 |
| 6 | Johan Lottering | Overwatch | Manlik | Senior | 1113.8 | 197.4 | 185.0 | 175.4 | 215.9 | 169.5 | 170.6 | 29.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 5.0 | 4.0 | 5.0 |



# Bobbejaanjag met 'n stokboog

***Deur Rean Steenkamp***

***Bobbejaanvleis is nie op my gesin se spyskaart nie en om dié rede jag ek nie graag onder bobbejane nie. Die diere is egter op baie boere se jaglys en baie van dié boere is soms omgekrap indien 'n bobbejaan binne skootafstand kom en 'n jagter maak nie van die kans gebruik nie.***

My eerste ervarings met bobbejaanjag is met die swartkruitgeweer. Ek het hulle al verskeie kere in die berg voorgesit of probeer bekruip. Tot op hede het ek nog net een of twee van hulle op dié manier kon plattrek. Hulle is baie uitgeslape en hul visie is beter as myne. Eenkeer het ek plat op my maag, met my swartkruitgeweer in my arms, gelê en wag vir 'n bobbejaan om by my verby te beweeg. Ek het geweet hulle loop elke dag laatmiddag verby die punt na hulle slaapplek teen die kranse. Toe dit begin skemer word en nog geen bobbejaan is in sig nie, het ek besluit om op te staan. Ek weet nie wie het die grootste geskrik nie – ek of die bobbejaan wat minder as tien treë aan my linkerkant gesit het.

Ek het twee bobbejane met 'n kragboog en twee met 'n tradisionele boog platgetrek en vertel vandag van die twee wat ek met die stokboog geskiet het.

Dit is nie maklik om een van die diere uit 'n skuiling plat te trek nie, want hulle sien 'n mens baie gou binne die skuiling. Jy moet stil sit in 'n donker skuiling en verkieslik 'n gesignet dra.

Ek het jare lank met 'n Skittiese gekurfde boog gejag wat Lukas Navotny van Saluki Bows vir my gebou het. Heelwat koedoes, blouwildebeeste, tarentale en 'n klipspringer is dood nadat 'n pyl uit dié kort boog hulle getref het. Die boog het egter ook 'n bobbejaan op sy kerfstok. Ek het die dier een oggend op my vriend Henk du Plessis se plaas, Aloe Rock, platgetrek.

Ek wou graag 'n rooibok vir die pot skiet. Henk se skuilings is baie effektief. Hy plaas selfs 'n raam met 'n dun lagie Glad Wrap voor die skuiling se skietopening – wat dit moeilik maak vir die bokke om beweging binne die skuiling waar te neem.

Na net 'n kort rukkie het daar 'n mooi, jong rooibokram ingestap. Ek het 'n pyl in die haak geplaas en begin aanlê. Voor aan die punt was 'n vlymskerp Zwikey-jagpunt. Ek het op 'n kolletjie 'n entjie bo die bok se elmboog gefokus, die pyl en snaar teruggetrek en laat los. Tot my verbasing het die pyl net-net regs voor die bok verbygetrek en sy skouer rakelings gemis.

Ek het Henk gebel, na my video gekyk en ons kon duidelik sien dat ek nie die bok enigsins geraak het nie. Dit was nogal onstellend, want die skoot was binne 'n kort afstand – 'n afstand waar ek bykans altyd die kol tref. Dit was binne my gemaksone en vrseker binne die afstand waar ek die bok behoort te getref het. Nog meer ontstellend was dat die bok glad nie die snaar gespring het nie. Ek het dus eenvoudig net mis geskiet. 'n Mens is egter geneig om altyd die fout by 'n ander plek en nie by jouself te soek nie en dus het ek gou 'n goeie verskoning versin, waaroor ek later sal praat. Daar word mos gesê: "Hoe langer jy jag, hoe beter word jou verskonings."

Terwyl Henk nog met sy bakkie by die skuiling was, het ek 'n miskoek op dieselfde afstand neergesit, in die skuiling geklim en die miskoek met 'n ander pyl in die middel getref. Voor aan die pyl was 'n stomp Zwikey, wat ek vir oefening gebruik het. Ons het besluit dat dit maar 'n ongelukkige skoot na die rooibok was en ek het terug in die skuiling geklim. Maar het ek aanhou tob oor die skoot.





*Die skuiling met die Glad Wrap voor die opening. "n mens kan die skeurtjie in die Glad Wrap sien waar die pyl deur is.*



*Die bobbejaan wat ek met die Skittiese boog geskiet het.*

Nie baie lank daarna nie het 'n bobbejaan nader gestap. Omdat Henk weer daarop klem gelê dat daar te veel bobbejane op sy plaas is, het ek besluit om te skiet.

Ek het gesorg dat ek nie verby die skietgat in die skuiling beweeg nie en dat die bobbejaan rustig word en aan die mielies op die grond begin eet. Toe het ek die gekurfde boog van die haak afgehaal en gereed gemaak om te skiet. Die bobbejaan het stilgesit, net sy arm het op en af beweeg elke keer as hy 'n paar mieliepitte optel. Ek het op 'n kol op die kant van sy bors gefokus. Indien die pyl die bobbejaan daar tref, sou dit sy longe en hart deurboor.

Met my oë wat stip op die kol fokus het ek die pyl begin terugtrek totdat my middelvinger teen my mondhoek en my duim op 'n plekkie net bo my wangbeen raak. My hand het ontspan en die pyl was op sy vlugbaan, het op die bobbejaan afgepyl en hom op die regte plek getref.

Die bobbejaan het omgeswaai en begin weghardloop. Ek kon die pyl se geel vere en die skag aan sy linkerkant sien uitsteek. Ek het gewag tot my asemhaling en hartklop weer normaal was en toe vir Henk 'n boodskap gestuur. Daarna het ek na die video op my iPhone gekyk. Ek kan die video stadig terugspeel en presies sien waar die pyl getref het. Alles het mooi gelyk en ek het rustiger gevoel.

Kort daarna het Henk opgedaag en ons het die bobbejaan se bloedspoor probeer volg, maar daar was baie bitter min bloed te vinde. Henk moes teruggaan om iets dringends af te handel en ek het agtergebly om die bobbejaan te soek. Ek het teruggeloop tot waar die pyl die bobbejaan getref het en toe stadig die bloedspoor begin volg. Ek weet die bobbejaan was baie swaar gewond en kon nie ver van die skuiling af lê nie. Toe ek weer die bloedspoor verloor, het ek my GPS ingespan en in wyer wordende halfmane om die skuiling geloop sodat ek elke keer die rigting waarin die bobbejaan gehardloop het, gekruis het.

Binne 'n kort tydjie het my baan met dié van die bobbejaan se doodsvlug gekruis en het ek hom gesien waar hy lê. Dit was minder as sestig treë van die skuiling af. Hy was natuurlik morsdood en die pyl was nog in sy bors.

'n Jaar of wat later het ek 'n pragtige langboog help bou by Johnny Snyman in Sedgefield. Met "help bou" bedoel ek ek het koffie aangedra en slimpraatjies gepraat en Johnny het die boog met sy skaafmasjiene gevorm. Ons het die aand tot lank na middernag in sy werkswinkel deurgebring en die volgende dag het Johnny die boog met vernis gesprei. Wat 'n pragtige stuk handewerk. Die boog is net so lank soos ek en het 'n effense kurwe na die voorkant. Wanneer dit egter gespan is, vorm dit 'n pragtige D-vorm. Die boog is 57 ponde op 'n treklengte van 28 duim, trek egalig terug en moker 'n pyl reguit en met mening die teiken in. Ek het sommer geweet dit is 'n jagboog van formaat.

Nie lank daarna nie is ek en my gesin een naweek deur Nico Louw na sy plaas Sikilele net anderkant Nylstroom genooi. Nico het gesê ek kan 'n bok met die langboog skiet, en indien 'n bobbejaan inkom, moet ek hom asseblief nie laat wegkom nie.

Nico se skuilings is uit die boeke en dit is altyd 'n plesier om daar te jag. Die skuiling bestaan uit twee verdiepings met klip gebou. Onder is 'n putskuiling, dan 'n vloer en 'n tweede skuiling wat omtrent twee meter in die lug is. Ek het in die boonste skuiling gesit.

Dit was ook nie lank nie of 'n vlakvark stap nader. Die man het egter in 'n ongemaklike posisie gestaan en vreet en ek het nie kans gesien vir 'n skoot van voor nie. Dié soort skote waag ek nie eers met 'n kragboog nie. Toe loop die bobbejaan in en gaan sit pragtig binne skootafstand met sy regtersy na die skuiling se kant toe gedraai. Wat kan 'n man doen? Die baas van die plaas het gepraat. Ek moes die skoot neem.

Die bokkoors het my nogal erg beetgepak. Om dit te bekamp en ook om seker te maak ek gaan deur al die stappe voor ek skiet, het ek die boog van die haak afgehaal, die boog gespan, op die dier gefokus, maar weer die boog ontspan. Wanneer ek dit doen, het ek ervaar dat ek nie ná die skoot die gevoel kry dat ek te vinnig geskiet het nie, nie op 'n kolletjie gefokus het nie en nie die skoot stap vir stap deurdink het nie.


Toe ek die tweede keer trek, het ek kalmer gevoel en daarop gelet om die stappe te volg – hoe die dier staan (of sit in dié geval), is hy ontspanne, soek 'n merkie op die blad om op te fokus en ontspan die hand wat die snaar vashou… en moenie die booghand dadelik laat sak nie.

Die pyl is uit die boog en het die dier net onder die kuiltjie van die arm getref, regdeur gegaan en aan die ander kant in die stof geplons. Die bobbejaan het vir 'n oomblik verbaas stilgesit en toe met 'n vaart weggetrek en was baie gou buite my gesigveld. Ek het gevoel soos iemand wat in die wind geslaan is en my bene het effe gebewe. Dit was egter 'n goeie skoot en hoewel my lyf nog onstuimig gevoel het, was ek rustig in my gemoed. Die bobbejaan sou nie ver hardloop nie.

Ek en Nico het die bobbejaan baie naby aan die skuiling aangetref. Albei sy kieste was nog rond van die mielies en ek het weer 'n aardige gevoel gekry dat die diere darem té veel na 'n mens lyk. Ek hou nog steeds nie van bobbejaanjag nie! Nico het 'n luiperdrestaurant op sy plaas en die bobbejaan is by die luiperd se voerplek afgelaai.

My hipotese oor waarom ek die rooibok misgeskiet het, is soos volg: Die Glad Wrap in die skietgat deflekteer die pyl effens indien die jagpunt 'n skuins sny daarin maak. 'n Pyl uit 'n tradisionele boog buig baie meer as 'n pyl uit 'n kompakte boog en neem langer om te stabiliseer. Die pylpunt sny dus 'n snytjie in die plastiek, maar die buigende skag van die pyl tref dan die plastiek en word effens van koers af gedruk. Hoe die punt die plastiek sny, bepaal hoeveel defleksie betrokke is.

Ek het die hipotese aan Adrian de Villiers genoem en sy kommentaar was waarskynlik in die kol: "Don't talk nonsense, Rean, just accept it that you shot a bad shot and get over it!" WL





*Rean maak reg om te skiet uit een van Sikelele se skuilings*



*Ek het dié bobbejaan met my langboog van Johnny Snyman platgetrek.*





# THE BYRNA HD

## PERSONAL SECURITY DEVICE




THE BYRNA HD READY KIT

*The BYRNA HD is a gas-powered compact less-lethal personal security device that shoots a .68cal kinetic or chemical round projectile filled with a mix of PEPPER, PAVA or CS irritant powder. The patented mechanical piercing mechanism allows the gas cylinder to sit unpierced underneath the barrel.*

*When the trigger is pulled in fire mode, the trigger mechanism simultaneously pierces the cylinder and shoots the first projectile. The pepper filled projectile bursts upon impact and incapacitate the threat.*



byrna
Live Safe

# BYRNA PROJECTILES

**BYRNA® Projectile Powders** are encapsulated between two, half round shells. The shells are engineered to break upon impact.

On impact, the projectile breaks open and the irritant powder quickly saturates the air. The irritant powder forms a cloud which effectively incapacitate a threat.

You don't need line of sight. In the case where direct line of sight is obstructed, the BYRNA projectiles can be shot in the general direction of the threat. The cloud of the burst projectiles enables you to incapacitate the threat. Multiple targets can be neutralized with an irritant projectile.

The .68cal projectiles are approximately 17mm in diameter. This size allows for bigger payloads compared to other smaller projectiles available on the market. The BYRNA projectileswill also work with other .68cal $CO_2$ gas launchers.

The chemical irritant projectiles provide an effective threat neutralizing option without deadly consequences. Threats can effectively be deterred, disorientated and incapacitated at stand-off distances.

Physical symptoms of exposure to BYRNA's chemical irritant projectiles often result in disorientation and agitation, which can lead to a state of anxiety and panic. Shortness of breath, tightening of the chest, burning throat, burning eyes, nausea, skin irritation and excessive salivation are typical symptoms.

BYRNA also offer training projectiles that contains zero active powder. These projectiles are perfect for training and also to familiarize yourself with the BYRNA HD launcher.

**BYRNA® Projectile Manufacturing Factory**
BYRNA® irritant powders are formulated and mixed in our ISO: 9001 certified facilities, under strict conditions to meet consisted payload requirements.



**SCAN THE QR CODE TO SEE THE PEPPER PROJECTILES IN ACTION**




BYRNA LESS-LETHAL vs. LETHAL WEAPONS
We at BYRNA are not against the lethal firearm industry. We position our product as a less-lethal solution that can deter a threat. Not all situations require lethal force. The use of a firearm in the wrong situation can end up in jail time under written law.
Hesitation can be fatal. Acting too quickly with a lethal firearm by making a poor decision can change your life forever. With the BYRNA HD there is no hesitation. The Byrna is an extremely effective, non-lethal solution that you can rely on with confidence.
The BYRNA HD is immediately available. NO permits or licensing required.

# WHAT IS THE BYRNA HD?

*The BYRNA HD is a less-lethal patented compact designed launcher that have the same similarity as to a semi-automatic pistol. The body is molded from a glass filled nylon polymer and the grip has a rubber over mold that gives better grip retention. Rounds are fed into the Byrna HD by utilizing interchangeable 5 round magazines. These rounds are powered by an 8-gram $CO_2$ cylinder that propels projectiles at approximately 280fps and are accurate on distances up to 20 meters.*

*The $CO_2$ cylinder is housed internally underneath the barrel. The patented mechanical piercing mechanism allows the gas cylinder to sit unpierced, ready to go. When the trigger is pulled in fire mode, the trigger mechanism simultaneously pierces the cylinder and shoots the first projectile. One $CO_2$ Cylinder can shoot up to 15 projectiles.*

*The BYRNA HD features a three-blade sight, an external ambidextrous safety lever that can easily be switched between safe and fire mode, a chamber indicator at the top, that does not only let you know that there is a projectile in the chamber but also when pressed down ejects the projectile from the chamber through the magazine well, so you know the launcher is clear. The Byrna also come standard with a picatinny rail that allows the mounting of accessories.*

*The BYRNA HD is sold as in a kit, ready to go. The ready kit includes a BYRNA HD launcher in color options of black, orange and tan. Included are two interchangeable magazines that are made from glass filled nylon with a load capacity of five projectiles each. The kit comes packed with a 5-count tube of Eco-Kinetic Projectiles, 5-count tube of Kinetic Projectiles and a 5-count tube of Pepper Projectiles. Two 8-gram $CO_2$ cylinders complete the kit. All packed in a zip up carry bag, ready to go.*

## WHAT THE BYRNA HD CAN DO FOR YOU?

*The BYRNA HD creates distance between you and a threat. The BYRNA HD gives you time to get out of harm's way and a solution to protect your family and yourself.*




DEFEND YOURSELF
The BYRNA HD launcher is a less-lethal option for personnel safety conscious people. The BYRNA HD is easy to use and simple to operate. The compact design allows for concealment and can easily fit into a handbag or backpack. The Byrna HD can form part of your everyday lifestyle, at home and outdoors.
byrna

# ABOUT BYRNA

*The BYRNA HD was designed by a South African, André Buys who is the mastermind behind the BYRNA HD and its unique features. The product received investment from the United States by businessman Bryan Ganz, the current President & CEO at Byrna Technologies Inc.*

*Byrna Technologies is a listed company on Nasdaq. The BYRNA HD launchers are manufactured both in Pretoria, Gauteng, South Africa and at Fort Wayne, Indiana, USA.*

*BYRNA Technologies Inc. (NASDAQ: BYRN) is a technology company based in Massachusetts, USA. BYRNA specializing in the areas of Personal Security Devices, Military, Law Enforcement, Corrections, and Private Security. The Company develops and manufactures innovative, less lethal equipment and munitions.*

*BYRNA is pronounced "bur-nah".*

byrna®
Live Safe™



# READY TO
## DEFEND YOUR FAMILY

The BYRNA HD Ready Kit is a gas-powered compact **less-lethal** personal security device that shoots a .68cal kinetic or chemical round projectile filled with a mix of **PEPPER, PAVA** or **TEAR GAS** powder. Threats can effectively be **deterred, disorientated** and **incapacitated** at stand-off distances.




**BYRNA HD - READY KIT**
**R5999**
**WWW.BYRNA.AFRICA**
at all mayor gun retailers




byrna™ ®
Live Safe™

The **BYRNA HD Ready Kit** is immediately available, NO Permits and NO Licensing required.

# Alicia se 1ste bok, nee twee bokke, met twee puik skote…

***Die 21-jarige Alicia le Roux het onlangs, saam met haar pa Jan, haar eerste blesbok hier by ons gejag. Ek deel die jong dame se storie graag met julle, ook omdat sy die punt so mooi maak dat 'n meisie / vrou kan en mag jag en steeds vroulik kan en mag (en moet?) wees…***

Maar laat sy self verder vertel:

*"My eerste jagtog na 7 jaar se wag. SEWE – die volmaakte getal.*

*'Die jagveld is geen plek vir 'n meisie nie, dis net vir mans bedoel,' dis die woorde van my ma en ouma. Elke keer as my pa en boeties op pad jagveld toe was, moes ek dié woorde hoor.*

*As klein dogtertjie was dit vir my die beste tyd van die dag wanneer my oudste boetie my geroep het en gesê het dat ek vir hom patrone moet aangee terwyl hy met sy windbuks bottels geskiet het. Met 'n sewe jaar verskil tussen ons was ek altyd 'te klein' om 'n beurt te kry. Tot ek ouer geword het en wél 'n beurt gekry het - was daar net nie brieke nie. Vandat ek my eerste skoot geskiet het, het die adrenalien so deur my are gepomp dat ek definitief nie daar sou kon stop nie. Dit het so natuurlik gekom dat ek selfs my pa en boetie 'n 'run for their money' gegee het. Party mense sê dat skiet 'n stokperdjie is, maar vir my was dit nog altyd 'n passie…*

*Dit was nog altyd een van my grootste begeertes om 'n bok te skiet. Ongelukkig het daar altyd iets met my beplande jagtogte voorgeval. As dit nie ek is wat eksamen moes skryf nie, moes my pa werk of dis net mans wat mag gaan en dan natuurlik Covid-19 se 'lockdown' om net 'n paar te noem. So op die ouderdom van 21, drie dae na my verjaarsdag, het ek my eerste bok geskiet, na sewe jaar se lange wag…*

*Op die oggend van 24 September 2021 het ek voor my alarm vieruur kon afgaan, wakker geword met die grootste opwinding binne my: Vandag gaan ek my eerste bok skiet! Min wetende dat dit een van die beste dae in my lewe sou wees! Die senuwees het begin knaag, maar as die enigste dogter tussen vyf seuns kon ek dit nie wys nie. My gedagtes het my mal gemaak met goed soos 'wat as jy bokkoors kry' of 'as jy hom kwes, gaan jy dit hoor vir die res van jou lewe'. Die rit na die plaas toe het so lank gevoel, maar tog ook so kort… Teen 07:30 was ek, my pa, die PH en 'n ander oom en sy vrou op die bakkie reg om na die jagkamp te gaan; hy met sy .243 en ons met ons CZ .270. Die reëling was dat hy eerste sy twee bokke sou skiet, omdat hy 'n knaldemper op gehad het…*

*My pa het my gevra, terwyl hy die geweer gelaai het, hoeveel patrone ek in wil hê, 'Net een, ek gaan mos net een bok skiet?', het ek hom geantwoord. Met 'n glimlag op sy gesig en die ander ooms wat lag sit hy toe vier patrone in en gee die geweer vir my. Na 'n paar minute se ry het ons die bokke gekry en die jag was aan. Na 'n hele lang ruk het die oom sy twee bokke gekry, maar met 'n mis en 'n te lae skoot hier en daar en heelwat*

**Deur Jan de Man**







***Ewe-mooi : Alicia in 'n pragtige rooi rok; saam met pa Jan by haar eerste bok; en ook met haar tweede bok.***

*gesukkel. Teen hierdie tyd het ek begin bekommerd raak, want die oom het al meer jagtogte gehad as wat ek oud was, en hy sukkel om sy bokke te kry. Wat gaan dan nie met my gebeur wat nog nooit gejag het nie?*


*Nou was dit my beurt, en ek was in die jagveld en reg. Ons het die bokke teen die kampdraad gekry. 'Maak reg', kom daar 'n sagte koor van agter my, my pa en die PH. Die bokke kom na ons toe aangetrippel, opsoek na 'n gat om deur die draad te kruip. 'As jy 'n kans kry dat een van hulle regstaan of vir jou reg voel, vat hom', sê die PH agter my. My hande het begin bewe en dit was of ek als van skiet op daai oomblik vergeet het. Drie bokke, so 150 meter van ons af, kruip deur die draad. Dan is dit die laaste een, 'n groot ooi, wat vir die gat soek…Ek lê reg oor my dooierus en kyk vir haar deur die teleskoop. Vir 'n oomblik het ek vergeet om asem te haal of waar my kruis was; my hande het ophou bewe en my vinger was reg om die sneller te druk. Terwyl sy gebuk het om deur die draad te kruip, voordat die PH kon sê ek moet die skoot vat, het ek alreeds die sneller gedruk. BANG! Daar val sy en bly net daar lê, my heel eerste bok...*

*Ek kon nie vinniger nader hardloop nie, met die grootste glimlag op my gesig, sien ek toe dat my pa s'n groter as myne is. Die eerste ding wat ek gedoen het was om my boetie te bel en te sê ek het nie gemis nie, en ek bring nie kwes-wors huis toe nie, voordat ek nog 'n foto kon neem. Hulle skuif toe die bok mooi reg om 'n foto te neem en daarna het hulle my gesig met bloed probeer smeer, op die tradisionele manier, gelukkig was daar nie so baie bloed dat my gesig vol kon wees nie, maar ek het tog 'n paar strepe gekry. My doel is bereik, een patroon vir een bok…*

*Met net my pa se bok oor om te skiet, is ons weer op die bakkie en ry ons na 'n ander kamp toe om bokke te soek. Ons kry hulle waar hulle almal mooi rustig in die vêrte staan. Weer is die jag aan. Ek wag vir my pa om reg te maak om sy bok te gaan skiet, maar al wat hy sê is: 'Maak reg...' Ek wou hom nog antwoord, maar hy sê toe weer: 'Maak reg...' Ek maak reg en ons gaan nader. Ons kom*



**Rooinaels, rooilippies en ook die rooimerke van inlywing as nuwe jagter..**










BESKIKBAAR BY ALLE TAKKE
www.wildmanhuntingandoutdoor.com
WILDMAN HUNTING & OUTDOOR



**So help slag 'n nuwe jagter mos aan haar eie bok...**

*redelik maklik binne skietafstand en ek maak gereed met my oog op een van die ramme wat so ongeveer 175 meter weg is. In daardie splitsekonde wat hy wil begin hardloop, maar nog voordat hy kon wegkom, druk ek weer die sneller; voordat enige iemand iets kon sê. Daar was nie tyd om te dink of asem te haal nie, ek het net van alles in daardie oomblik vergeet. Die adrenalien wat deur my liggaam gepomp het, kan ek vir niemand beskryf nie…*

*'Dis my dogter daai, sy skiet soos haar pa…', hoor ek my pa terwyl hy nader hardloop om te gaan kyk. Ons is weer almal saam by my bok, praat die oom stories oor die verskillende kalibers van ons gewere en hoe ons met die groter kalibers die bokke makliker laat val, as die met die ligter kailbers. Plaas dat hy net erken dat 'n vrou en boonop 'n eerste keer jagter vandag beter as hy geskiet het… Met 'n glimlag kyk ek toe net vir die oom en gaan om 'n foto saam met my tweede bok te neem. Met 'n groot glimlag sê ek vir my pa terwyl ons terugstap bakkie toe en ek vir hom die ander twee patrone teruggee, 'Ek het Dad gesê ek kort net een patroon…'. Twee patrone, twee bokke…*

*Terwyl die PH foto's van my saam met my bok, en hoe ek hom slag, neem, grap my pa en sê dat ek my rooi naels vir die foto's moet wegsteek. Met 'n frons antwoord ek hom, 'Hoekom? Dis dan wie ek is…'. Ek is dan 'n 'girly-girl' en 'n 'tomboy' in een… Dis toe dat ek besef 'n vrou kan haar naels en hare laat doen en mooi rokkies dra en nogsteeds daarvan hou om te skiet en te jag. En ma, die jagveld is nie nét vir mans nie - dis vir enige iemand wat daarvan hou om te jag en skiet! So pronk ek met my rooi naels by my twee bokke, terwyl ek nie vir my volgende geleentheid kan wag om weer te jag nie…"*

Wel gedaan Alicia. Doen so voort. Ons wil julle dames in die jagveld he om die wonder van die natuur en jag saam met ons manne te kan beleef en geniet… as jagter en as vrou! En ja, heel dikwels skiet julle dames beter as ons… Mooi loop tot volgende maand. Jagtersgroete. WL






*Finansiering gebou vir jou*

**John Deere Financial se krediet- en finansieringsprodukte word voorsien deur Absa Bank Beperk, 'n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer en Geregistreerde Kredietverskafferw Reg No NCRCP7.**

JOHN DEERE FINANCIAL

www.deere.com/sub-saharan I africa@johndeere.com I Customer care: 0800 983 821

JohnDeereAfrica JohnDeere



Dinner is out there
you just have to find him.
VORTEX
www.VortexOptics.com
You tube
RAZOR GEN II
5-20 x 50
VIPER
6.5-20 x 50
DIAMONDBACK HP
4-16 x 42
CROSSFIRE II
6-24 x 50 AO
For your closest dealer, please call 0861-005903. Proudly distributed in Southern Africa by Whylo Distributors